

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleiding

Navorsing deur Pennycook (1994) illustreer oortuigend dat daar wêreldwyd 'n toenemende verskuiwing van taaltrou ten gunste van Engels plaasvind. In uiterste gevalle, soos by die Chilcotin (Sentraal Brits Columbië), kan dit lei tot taalverwering en selfs taalverlies (Pye 1992). Dit wil voorkom asof hierdie situasie ook op Suid-Afrika van toepassing is. Ten spyte van die 1996 Grondwet van Suid-Afrika wat die belangrikste inheemse tale verskans, is daar aanduidings dat daar 'n merkbare verskuiwing in taaltrou ten gunste van Engels plaasvind. Die veranderende wêreld wat tegnologies gedryf word, speel ongetwyfeld 'n belangrike rol Wolfson (1989:275) verklaar:

The success of the British colonial empire and the subsequent rise of American industrial and technological power have combined and interacted to create a situation in which English, alone of all the world languages, has come to be accepted as the tool and the symbol of modern technologically advanced society.

Hierdie ondersoek is daarop gemik om aspekte van houdingsverandering onder graad 12 Afrikaanssprekende leerders by drie hoërskole in Johannesburg te ondersoek.

1.2 Voorveronderstelling

As Afrikaans onderwyser by 'n Engelsmedium-skool, het ek opgemerk dat daar oor die jare heen 'n toenemende afname in belangstelling in die inheemse tale is. Engelssprekende leerders is oor die algemeen van mening dat die ander amptelike tale vir hulle geen nuttigheidswaarde het nie. Uit gesprekke met kollegas by Afrikaansmedium-skole, blyk dit dat ook hierdie leerders Engels beskou as die taal wat vir hulle die grootste waarde in die toekoms sal hê.

Die ondersoeker gaan dus van die voorveronderstelling uit dat die statistiese data verkry uit die empiriese komponent van die navorsing, hierdie aanname sal bevestig. In die gevalle waar geen statisties beduidende bevestiging gevind word nie, word verder aanvaar dat daar genoeg aanduidings is dat 'n meer uitgebreide ondersoek, gebaseer op 'n groter steekproef, die tendens duideliker sal bevestig.

Die behoeftes en belange van die land en sy mense is nie net ekonomies nie, maar ook ewe belangrik kultureel (Johl 1993:1). Taal word deur middel van kultuur oorgedra. Net so word kultuur deur middel van taal oorgedra. Indien hierdie negatiewe persepsies van leerders oor hulle moedertale nie verander nie, sal dit beslis lei tot taalverskuiwing en die verarming van taal en kultuur in Suid-Afrika. Nie net die individu word hierdeur geraak nie, maar ook die kulturele diversiteit van die land.

1.3 Probleemstelling

Uit die voorafgaande skyn dit dat die volgende persepsies bestaan:

- i) Engels is die enigste taal wat werklik ekonomiese waarde het.
- ii) Talle stedelike Swart Suid-Afrikaners neem 'n pro-Engelse standpunt in. 'n Voormalige joernalis Sej Motau skryf die volgende:

... We need to use English for a vehicle of communication and as a instrument for liberation. It frees one from the confinement of thinking like a Zulu or a Mosotho ... English is identified with the positive things in our lives (Wright 1996:152).

Hierdie taalhouding word ook onder Afrikaanssprekendes gevind (De Klerk en Bosch 1998).

- iii) Talle ouers wat 'n inheemse moedertaal (Afrikatale en Afrikaans) het, is van mening dat Engels sukses vir die toekoms verseker en plaas hulle kinders in skole met Engels as voertaal:

... one should note that the desire for English language education is spreading through the society and reflects ... the desire to succeed, to place one's children in a position to realise their aspirations (Wright 1996:153).

- iv) Ander tale word gesien as nie-werkskeppend.

1.4 Doel van die ondersoek

Uit hoofde van die voorafgaande, is die doel met die ondersoek die volgende:

- i) Om aan die hand van 'n literatuurstudie 'n agtergrond te skep waarteen die huidige taalsituasie gesien kan word;
- ii) Om deur middel van vraelyste te bepaal watter persepsies onder leerders oor hul moedertaal, asook taal in die algemeen bestaan;

- iii) Om te wys op die moontlike gevolge wat negatiewe persepsies oor moedertaal en taal in die algemeen op leerders, die voortbestaan van taal, kultuur en die gemeenskap kan hê;
- iv) Om aanbevelings te doen oor hoe hierdie persepsies moontlik verander kan word.

1.5 Metode van ondersoek

Die ondersoek het in twee fases verloop, naamlik 'n voorondersoek, gevolg deur 'n empiriese ondersoek.

1.5.1 Die voorondersoek

Die voorondersoek het uit twee dele bestaan, naamlik 'n literatuurstudie en persoonlike onderhoude.

- i) Literatuurstudie is oor die volgende onderwerpe gedoen:
 - Die histories-linguistiese taalsituasie in Suid-Afrika
 - 'n Historiese oorsig oor taal en onderwys in Suid-Afrika
 - Taalvaardighede as voorvereiste vir suksesvolle kommunikasie
 - Veeltaligheid
 - Die moontlike gevolge van taalkontak
 - Die verband tussen taal en kultuur
 - Taalhouding
- ii) Semi-gestruktureerde onderhoude is met Afrikaans onderwysers by verskeie skole gevoer. Die doel met die onderhoude was om op 'n informele wyse inligting te kry oor leerders se houding oor hul moedertaal en taal in die algemeen. Hierdie inligting het as riglyn gedien vir die ontwerp van die vraelys.

1.5.2 Empiriese ondersoek

Op grond van die kennis wat in die voorondersoek opgedoen is, is vraelyste opgestel waarmee gepoog is om die leerders se taalhouding oor hul moedertaal en taal in die algemeen te bepaal. Hierdie vraelyste is aan drie hoërskole met Afrikaans as voertaal versprei. By elke skool het vyftien seuns en vyftien meisies in die graad 12 groep die vraelyste voltooi. Enige verskille tussen seuns en meisies word as 'n veranderlike in die empiriese komponent gehanteer. Die

drie skole verteenwoordig verskillende sosio-ekonomiese groepe in die samelewing. Die verskille in sosio-ekonomiese vlak verteenwoordig die tweede veranderlike.

1.6 Beperkinge

Alhoewel hierdie studie kwalitatief en kwantitatief van aard is, kan dit nie beskou word as verteenwoordigend van al die leerders in hierdie onderskeie skole nie. Voorts is dit ook nie noodwendig aanduidend van die persepsies van alle Afrikaans moedertaalsprekers in ander skole in Johannesburg nie.

1.7 Demografiese kenmerke van die navorsingsgebied, Johannesburg Gauteng

Die volgende is 'n kort skets van Johannesburg. Hierdie oorsig oor die sosio-ekonomiese agtergrond, sal die leser beter in staat stel om die kompleksiteit van die taalsituasie te verstaan. Johannesburg is die grootste metropool in Suid-Afrika en die hoofstad van Gauteng. Daar is ongeveer 2 miljoen inwoners in Johannesburg en 'n verdere 2 miljoen in die nabygeleë Soweto woonagtig. Johannesburg vorm die hartland van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Johannesburg is ongetwyfeld 'n ware veelrassige-, multi-kulturele- en multitalige stad. Volgens statistiek verskaf deur die Sentrale Statistiekdiens in Pretoria (1995), is Afrikaans die mees algemene huistaal in Gauteng (20.5%), gevolg deur isiZulu (18,4%) en Engels (16.1%).



1.8 Hoofstukindeling

Om 'n beter begrip van die komplekse taalsituasie in Suid-Afrika te vorm, word daar in hoofstuk twee kortliks gefokus op die histories-linguistiese-, politieke- en demografiese agtergrond vir die tydperk vanaf 1652 tot op hede.

In hoofstuk drie word die onderwysstelsel en die invloed van die verskillende taalbeleide in die loop van Suid-Afrika se onderwysgeskiedenis, op leerders se persepsie van taal ondersoek.

Hoofstuk vier handel oor taalvaardighede as voorvereiste vir suksesvolle kommunikasie. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die komponente van taal, die Taal Universaliteitshipotese, kritiek op hierdie hipotese en die problematiek van swak taalvaardighede in die praktyk.

Suid-Afrika is 'n veeltalige gemeenskap en sommige individue het 'n wye reeks tale en taalvariëteite tot hul beskikking. In hoofstuk vyf word die verskillende tipes twee/veeltaligheid ondersoek, asook die uitwerking van twee/veeltaligheid op taalgebruik.

Wanneer tale voortdurend met mekaar in kontak kom, het dit een van drie moontlikhede tot gevolg, naamlik taalhandhawing, taalverskuiwing, of taaldood. In hoofstuk ses word die hoofkategorieë wat tot taalhandhawing/taalverskuiwing lei, ondersoek. Daar word ook op die noodsaaklikheid van goeie taalbeplanning gefokus.

Elke gemeenskap het sy eie spesifieke kenmerke en sy eie taal. Die verhouding tussen 'n taal en die mense wat dit praat, is so heg dat dit nouliks geskei kan word. Hoofstuk sewe fokus op die verband tussen taal en kultuur.

Houding is 'n belangrike dimensie van die struktuur van 'n samelewing en kan 'n deurslaggewende rol in die taalgebruik van gemeenskappe speel. In hoofstuk agt word taalhouding ondersoek.

Hoofstuk nege word gewy aan die ontleding van die vraelyste van die onderskeie teikengroepe. Die empiriese data ten opsigte van elk van die drie teikengroepe word aan die hand van tabelle bespreek en geïnterpreteer. Die vernaamste bevindings, word deur middel van sirkelgrafieke saamgevat.

Hoofstuk tien word gewy aan die gevolgtrekkings wat spruit uit die literatuurstudie, asook die empiriese ondersoek. Die hoofstuk word afgesluit met 'n aantal aanbevelings.

HOOFSTUK 2

HISTORIES-LINGUISTIESE OORSIG OOR TAAL IN SUID-AFRIKA

2.1 Inleiding

Een opvallende dinamiek van die linguistiese situasie in Suid-Afrika, is die verskeidenheid tale wat verteenwoordig word (Herbert 1992:2). In weinig ander lande kom so 'n wye verskeidenheid tale en taalgemeenskappe voor as in hierdie land. Daar word sowat tagtig tale in Suid-Afrika gepraat (Van Rensburg 1997:78). Hierdie tale is van die vroegste tye af in wisselwerking met mekaar en weerspieël die lotgevalle en kenmerke van sy sprekers. Taal moet dus volgens Raidt (1971:83) altyd as 'n maatskaplike verskynsel bestudeer word. Veeltaligheid is beslis 'n realiteit wat geen Suid-Afrikaner kan ontsnap nie.

Veranderinge in die land se politieke- en ekonomiese situasie bring veranderinge in die taalpatrone van die land teweeg (Hoffmann 1991:173). Die invloed van die taalsituasie is merkbaar op alle terreine soos die opvoedkunde, administrasie, politiek en selfs in die daaglikse lewens van sy sprekers. Om 'n beter begrip van die komplekse taalsituasie in Suid-Afrika te vorm, is dit nodig om die historiese agtergrond van taal in Suid-Afrika kortliks na te spoor. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n kort oorsig van die histories-linguistiese-, politieke- en demografiese feite vir die tydperk vanaf 1652 tot op hede, te gee.

2.2 Die invloed van die Hollandse tydperk

2.2.1 Die rol van die Hottentotte en slawe

Die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 in Tafelbaai, het nie net 'n verreikende invloed op die tale van die inheemse bevolking gehad nie, maar ook op die tale van die koloniste. Die Hottentotte, of te wel die Khoen, was die eerste inheemse groep met wie Van Riebeeck en sy setlaars in kontak gekom het. Herrie (leier van die Strandlopers) is aanvanklik deur Van Riebeeck as tolk gebruik en as vertroueling ontvang en onthaal. Meer en meer Hottentotte het later nader aan die Fort begin woon. Van hierdie Hottentotte is later as tolke saamgeneem op ekspedisies na die binneland. Dit was aanvanklik by hoë uitsondering dat 'n Hottentot vir die koloniste gewerk het. Jong Hottentotkinderen is wel aan die Blankes verhuur en kontak tussen die kinders van die twee rasse is so ontstaan. Alle getuies wys daarop dat die Hottentotte merendeels binne vyftig jaar Hollands kon praat. Die koloniste kon later selfs in

die binneland regkom met Hollands en dit was later nie eers meer nodig om 'n tolk saam te neem nie.

Dit was duidelik vir die Hottentotte makliker om Hollands aan te leer, as wat dit vir die Hollanders was om Hottentots aan te leer (Van der Merwe 1968:20-22). Volgens taalkundiges soos Raidt (1971) en Van der Merwe (1968), het die taal van die Hottentotte betreklik min direkte invloed op die wording van die Kaapse taal gehad. Raidt (1971:98) beweer dat dit gedeeltelik te wyte is aan die maatreëls van die Kompanjie wat die amptenare feitlik verbied het om Hottentots aan te leer. Rijkloff van Goens en Kommissaris-generaal H.A. van Rheede tot Drakenstein het groot klem daarop gelê dat die “moedertaal”, naamlik Nederlands hier deur almal gepraat is. Hierdie maatreël het beslis 'n nadelige invloed op Hottentots gehad, omdat die Hottentot sy taal prysgegee het vir Nederlands. In 1656 het Van Riebeeck al aangeteken dat die Hottentotte in die omgewing van die Fort “die duytsche tale al redelyk fray beginnen te spreken, *insonderheyt de jonge kinderen*” (Van der Merwe 1968:22).

Met Van Riebeeck se aankoms in Tafelbaai het die Nederlande nog nie 'n standaardtaal gehad nie. Verskeie dialekte is in verskillende provinsies gepraat. Die meerderheid Nederlandse setlaars aan die Kaap was nie-geleerde sprekers van hierdie verskillende dialekte (Combrink 1978:71). Vyf-en-twintig jaar nadat Van Riebeeck en sy groepie voet aan wal gesit het, het besoekers alreeds duidelike verskille opgemerk. Die vroegste uitspraak oor die taalverwarring aan die Kaap, kom van Kommissaris-generaal H.A. van Rheede tot Drakenstein. In 1685, vyf dae na sy aankoms in die Kaap, maak hy die volgende opmerking aangaande die taalsituasie in sy dagboek:

Hier is een gewoonte onder al ons volck, dat lerende dese inlanders de Nederduydsche spraek, en dat deselve die op haer manieren seer krom en bij nae onverstandelijck spreken, soo volgen onse Nederlanders haer dat mede aanwendende een gebroken spraek gefondeert word, die onmogelyck sal wesen nae de hand te verwinnen ... (Raidt 1971:148).

Raidt (1971:148), gee ook die volgende vertaling deur J. du P. Scholtz:

Hier bestaan 'n gewoonte onder al ons mense, waar hierdie inlanders die Nederlandse taal leer en dit op hulle manier baie krom en onverstaanbaar praat, om hulle dan daarin na te volg, sodat, waar die kinders van ons Nederlanders hul ook die gewoonte aanwen, die grondslag gelê word tot gebroke spraak, wat mens onmoontlik naderhand sal kan uitroei ...

Dit was duidelik dat Van Rheebeek bekommerd was oor die invloed van Hottentots op Nederlands. Aan die Fort waar daar 'n voortdurende invloei van Nederlandse amptenare was, is die destydse Nederlands redelik goed gehandhaaf in diens van die Kompanjie. Die Vryburgers en latere veeboere het egter anders en baie eenvoudiger geleef as die goewerneur en die hoër amptenare. Namate hierdie burgers minder kontak met die Fort gehad het, het hul taal begin verskil van die taal wat deur die Kompanjiesamptenare gepraat is (Van der Merwe 1968:67-70).

Van Riebeeek het reeds vroeg in sy klein nedersetting 'n arbeidstekort ondervind. Die eerste slawe is in 1654 uit Madagaskar ingevoer (Raidt 1971:96). Eers was daar net klein groepies, maar sedert 1658 het daar groter groepe vanuit verskillende dele van Afrika en die eilande om Afrika gekom. Slawe was ook uit verskillende dele van Indië en Oos-Asië afkomstig. Die slawe het die vele tale van hulle verskillende herkomsgebiede gepraat. Die meeste Oosterse slawe het een van die Maleis-Polinesiese tale gepraat. Hierdie tale, hul sprekers en kulture, het 'n blywende invloed op die Kaapse samelewing gehad. Alhoewel hierdie groepe se tale uitgesterf het, het hul Islamitiese geloof die sentrum van hul kultuurlewe gebly (Boucher 1986:70-71). Een van die tale wat die meeste van die slawe op 'n manier kon praat en verstaan, was Portugees. Hierdie taal was in die Ooste goed bekend vanweë die Portugese handelaars. Kompanjiesamptenare het egter opdrag gekry om toe te sien dat geen Portugees met die slawe gepraat mag word nie. Nederlands was die enigste toelaatbare taal (Raidt 1971:96). Die slawe moes dus noodgedwonge 'n soort Nederlands aanleer. Dit was die begin van Kaapse Afrikaans (Van der Merwe 1968:67).

2.2.2 Die invloed van die Franse- en Duitse immigrante

Benewens die taalverskuiwing by die Hottentotte en die slawegemeenskap, is taalverskuiwings ook by ander groepe waargeneem, naamlik die Franse Hugenote en die Duitse immigrante. In die loop van 1688 en 1698, het 105 Franse Hugenote na die Kaap verhuis. Die meeste van die Franse was eentalig. Hulle het in groepe saam met hulle gesinne gekom. Elke gesin het 'n plaas in die distrik gekry. Om te verhoed dat die kolonie sy Nederlandse karakter inboet, is die Franse immigrante opsetlik tussen reeds gevestigde Nederlandssprekende boere in die distrikte van Stellenbosch, Paarl en Franschoek geplaas. Voorts was Nederland in daardie stadium ook in 'n oorlog teen Frankryk gewikkel en Simon van der Stel was bang dat die

Hugenote in geval van 'n Franse inval, teen die Hollandse Kompanjie sou kant kies. In opdrag van die Here XVII, het Van der Stel alles moontlik gedoen om die Franse so gou as moontlik te verhollands. Alhoewel die Franse nie toegelaat is om hul eie kerkgemeente te stig nie, is toestemming wel gegee om hulle eie predikant ds. Pierre Simond saam te bring. Ds. Simond se terugkeer na Europa het beslis daartoe bygedra dat die Franse taal aan die Kaap vinniger begin uitsterf het. Ds. Simond se opvolger ds. Beck, wat beide Frans en Nederlands magtig was, is opdrag gegee om nie in Frans te preek nie. In die skole moes die Franse kinders alleen deur medium van Hollands onderrig word. Die versmelting en ondertrouery wat tussen die Franse en die Nederlandse bevolkingsgroepe plaasgevind het, het uiteraard ook 'n nadelige invloed op die Franse taal gehad. Voorts het die Kaapse regering na 1700 ook nie meer toegelaat dat enige Franse Hugenote immigrer nie. Teen 1725 was die Franse taal aan die Kaap nie meer lewensvatbaar nie (Raidt 1971:84-85).

Naamlyste toon dat ongeveer 10,000 Duitsers tydens Hollandse bewind na die Kaap gekom het. Al was die koms van die Duitsers minder opvallend as dié van die Franse, het hulle tog 'n groot bydrae tot die bevolkingsgroei aan die Kaap gelewer. Die meeste van die Duitsers was soldate, matrose en ambagsmanne. 'n Aantal was ook amptenare geneeshere en predikante. Van die Duitsers het later met Kaapse meisies getrou. Dit is moeilik om vas te stel watter invloed die Duitsers op die Kaapse taal gehad het, omdat hulle redelik gou in die gemeenskap geassimileer is (Raidt 1971:85-86). Vanaf 1652 tot 1795 was Hollands die taal van die administrasie, howe, kerk en opvoeding (Steyn 1995:97).

Volgens Bucher (1986:66-72), was daar tydens die tyd toe die Kompanjie aan bewind was, min kontak tussen die Blanke Nedersetters en die Bantoesprekende Sotho-Tswana aan die noordgrens. Omdat veeboerdery nie soveel risiko's as akkerbou ingehou het nie, het meer en meer boere akkerbou vir veeboerdery verruil. Dit het daartoe bygedra dat daar 'n uitbreiding na die binneland plaasgevind het. So vroeg soos 1702 het die jagters, handelaars en trekboere na die ooste al met die Xhosas in aanraking gekom.

2.3 Die Britse tydperk

2.3.1 Die Engelse besettings van die Kaap

Die Franse Revolusie van 1789 het die politieke situasie in Europa heeltemal verander. In Januarie 1795 het prins Willem van Oranje na Engeland gevlug en is die Bataafse Republiek in

Nederland uitgeroep. In September 1795 het Brittanje die Kaap verower. Dit was die einde van 'n era, maar vanweë die tydelike aard van die besetting nog nie heeltemal die begin van 'n nuwe tydvak nie (Boucher 1986:74). Omdat die Britse militêre bestuur terdeë bewus was van die wydverspreide plaaslike teenkating teen hulle teenwoordigheid, het hulle aanvanklik nie veel veranderinge ten opsigte van die Kaapse leefwyse teweeg gebring nie. Alhoewel hulle gewaarborg het dat bestaande wette, die regstelsel, eiendomsregte en die muntstelsel van die V.O.C. gehandhaaf sou word, is die Politieke Raad deur 'n goewerneur vervang (Le Cordeur 1986:76). Engels het egter gedurende hierdie eerste besetting van 1795 tot 1803 die taal van die regering geword (Steyn 1995:97).

Vroeg in 1803 is die Kaap ingevolge die Verdrag van Amiens aan die Bataafse Republiek oorgedra. Die Nederlanders het geglo dat hul bewind permanent sou wees, daarom is Jacob Uitenhage de Mist na die Kaap gestuur om die nuwe bewind op 'n stewige grondslag te plaas. Gedurende hierdie tydperk was die dominante taal aan die Kaap weer Hollands. Hierdie bewind was egter van korte duur, want Engeland was nou terdeë bewus van die strategiese- en ekonomiese waarde van die Kaap. Die Kaap het weereens Brits geword toe die Britse troepe die Nederlanders op 10 Januarie 1806 by Bloubergstrand verslaan het. Soos die vorige keer het die besetting tydelik gelyk en is die politieke- en sosiale bestel feitlik nie daardeur geraak nie. Die Britse regering was redelik inskiklik, totdat Nederland in 1814 deur 'n verdrag afstand gedoen het van die Kaap. Daar was geen sterk aansporing om administratiewe- of ander veranderinge aan te pak nie (Le Cordeur 1986:78-79). Dit was byvoorbeeld moontlik om Hollands in die howe te praat en die Hollandse amptenare wat lojaal aan Brittanje was, het hulle poste behou (Steyn 1995:98). Geen drastiese stappe is gedoen om Engels as offisiële taal ingestel te kry nie (Raidt 1971:203).

2.3.2 Die begin van die verengelsingsbeleid

Die vernaamste doelwit van die Britse beleid was nie aanvanklik om hulle Kaapse onderdane te verengels nie, want dit kon tot onnodige vervreemding lei. Ten spyte van hierdie tegemoetkomende houding van die Britse regering, was daar tog verskeie amptenare in die Kaap, sowel as in die ministerie van die Kolonie, wat vasbeslote was om die beleid van verengelsing deur te voer (Le Cordeur 1986:86-87). Hollands as enigste taal van die amptenare het stadigaan vir goed uit die Kaap begin verdwyn. Sir John Cradock is in 1811 as

goewerneur van die Kaap aangestel. Hy was van die begin af vasbeslote om plaaslike instellings en beleide te verengels. Cradock het van alle staatsamptenare 'n kennis van Engels vereis. Op 20 Februarie 1813 verskyn die volgende kennisgewing in die *Cape Town Gazette and African Advertiser*:

His Excellency ... will consider himself obliged in all future appointments, among the rising generation who have had the opportunity of attainment, to make the possession of the English Language an indispensable condition (Van der Merwe 1968:73).

Dit was vir Cradock belangrik dat die land eentalig regeer word. Aanvanklik is die publiek wat Hollands-eentalig was, in Hollands bedien, wanneer hulle met die regering in aanraking was. Ook dit is in 1813 deur Cradock verander. Alhoewel Cradock nie ten gunste van vertaling was nie, het hy bepaal dat alle Hollandse dokumentasie van 'n Engelse vertaling voorsien moes word. Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen is nie, sou die dokumente aan die senders teruggestuur word (Nienaber 1967:5).

Teen 1814 was daar maar slegs ongeveer 35,000 koloniste in die Kaap wat redelik yl verspreid was. Onderlinge samewerking was dus nie maklik nie. Van der Merwe (1968:75) wys daarop dat dit juis die koloniste se behoud was, omdat Hollands dus nie so maklik deur Engels vervang kon word nie. "Suiwer Nederlands" was lankal nie meer die taal van die koloniste nie en hulle was maar redelik laks teenoor hulle eie kultuur. Nederlands was egter nog lank die taal wat die Afrikaanssprekendes probeer praat en skryf het, veral as hulle deftig wou probeer wees, of as hulle die taalgebruik formeel wou hê. Die koloniste was oor die algemeen baie verdraagsaam en toegeeflik en die meeste het nie veel belanggestel in die politiek nie (Van der Merwe 1968:75).

2.3.3 Die invloed van Somerset

In 1814 is 'n nuwe goewerneur, naamlik lord Charles Somerset in die Kaap aangestel. Hy het Cradock se pogings voortgesit en verdere ingrypende veranderinge aangebring, aangesien hy opdrag van die Britse Minister van Kolonies ontvang het om Engels so gou as moontlik tot die enigste amptelike taal in die Kolonie te verhef (Kannemeyer 1974:8). Volgens Boucher (1986:53) het die outokratiese houding van die Britse amptenare 'n heftige reaksie by die Bantoe- en Khoisansprekende volke uitgelok. Ten spyte van protes onder veral die landelike burgers, het daar in die Kaapkolonie 'n taalverskuiwing van Afrikaans/Hollands na Engels

begin plaasvind. In 1820 het die Britse regering aan ongeveer 1,000 Britse gesinne hulp verleen om hulle in die Kaapkolonie te kom vestig. Hierdie groep staan bekend as die 1820 Setlaars. Hulle was nie die eerste Britse immigrante wat na die Kaap gekom het nie. Hulle is almal in 'n bepaalde streek, naamlik die Oos-Kaap gevestig (Nash 1986:94). Die doel van die immigrasie van die Britse setlaars was om 'n vaste Engelssprekende groep in die land te vestig. Vanaf 1822 het Somerset stappe gedoen om die gebruik van Engels op die meeste terreine te bevorder, of selfs verpligtend te maak. Op 5 Julie 1822 het lord Charles Somerset sy taalproklamasie uitgevaardig. Engels was nou die amptelike taal van die Kaapkolonie (Nienaber 1967:5). In 1824 het Engels die enigste ampstaal van staatskantore geword. Hoë salarisse is aangebied om Engelssprekendes na die staatsdiens te lok. Vanaf 1 Januarie 1827 sou Engels ook die taal van die regbank wees. Die howe was een van die vernaamste werktuie vir die uitbreiding van doeltreffende bestuur en van maatskaplike beheer deur Brittanje (Le Cordeur 1986:87). Gedurende hierdie tyd is die predikante se salarisse nog deur die regering betaal. Somerset het hom daarvoor beywer om vir die Hollandse gemeentes predikante uit Skotland in te voer. In 1834 is daar besluit om Engelse kerkdienste in Hollandse kerke te hou, ten einde jongmense wat in Engels onderrig is, daarheen te trek (Nienaber 1967:5).

2.3.4 Die Groot Trek

Tussen 1834 en 1840 het sowat 15,000 Afrikaanse grensboere die Kaapse Oosgrensgebied verlaat. Alhoewel die Groot Trek die getalle van die Afrikaanssprekende gemeenskap in die Kaapkolonie aansienlik verminder het, het hulle nog die meerderheid van die Blanke bevolking uitgemaak. Die Groot Trek was 'n versetbeweging teen Britse kolonialisme en verdrukking, maar volgens Du Bruyn (1986:127) ironies genoeg ook 'n daad van kolonisasie. Binne een geslag is groot nuwe gebiede in kontak met die Wes-Europese kultuur gebring. Die Groot Trek het konflik tussen Blank en Swart veroorsaak en het die proses van ontstamming van Swartmense in Suid-Afrika wat met die Mfecane/Difaqane begin is, verhaas. *Mfecane* beteken "verpletter in totale oorlog" en *Difaqane*, "gedwonge verhuising" of "hamering" (Edgecombe 1986:115).

Aan die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu was Dingiswayo en Shaka die twee belangrikste leiers van die groot ryk wat in Suidoos-Afrika ontstaan het. 'n

Skrikbewind is deur hulle gevoer. Beide het ander stamme aangeval en uitgewis. Shaka het uit die oorblyfsels van talle stamme 'n ryk opgebou. Shaka se optrede het nie net die bevolkingspatroon van Suider-Afrika verander nie, maar ook 'n taalkundige nasleep gehad. Waar dit moontlik was om voor 1815 die Swartmense in Natal in drie taalgroepe te verdeel, het 'n standaardtaal onder Shaka se bewind gegroei (Steyn 1980:29). Die vestiging van die onafhanklike Voortrekkerstate het op sy beurt weer gelei tot die onderwerping van die Swart gemeenskappe met wie hulle in kontak gekom het (Du Bruyn 1986:127).

Die Groot Trek het belangrike taalgevolge gehad. Eerstens is die posisie van Afrikaans in die Oos-Kaap verswak. Dit was die streek waar heelwat 1820 setlaars gevestig is. Na die Groot Trek het die streek 'n Engelse karakter gekry. Engelse sendelinge het die talle Swart swerwers wat na hierdie gebied gekom het, bearbei. In die skole wat opgerig is, was Engels die voertaal en nie Hollands nie. Die tweede gevolg van die Groot Trek was dat Afrikaans oor 'n groot gebied van Suid-Afrika versprei het. Al het die Voortrekkers hulle kennis van Engels as nuttig beskou, was hulle Afrikaans-georiënteerd (Steyn 1980:132).

2.3.5 Voortgesette verengelsing in die Kaapkolonie

In 1854 het Somerset 'n verteenwoordigende regering ingestel. Die gebruik van Engels is nou verpligtend gemaak in die nuwe parlement. Die koloniste het toenemend bewus geraak van die "informele" verengelsing. Britse vorme van sosiale lewe, opvoeding, argitektuur en vryetydsbesteding is byvoorbeeld op die kolonie oorgeplant (Le Cordeur 1986:87). Sir George Grey het op 5 Desember 1854 die goewerneur van die Kaapkolonie geword. Sy regeringstyd het tot 15 Augustus 1861 geduur. Grey se taktvolle optrede en bestuur het baie daartoe bygedra dat die koloniale Afrikaners oor die algemeen getrouer onderdane van die Britse ryk geword het. Nie alleen ten opsigte van die politiek nie, maar ook kultureel, wou hulle een word met die Britse ryk (Scholtz 1964:87-88). Alhoewel Grey baie gewild was, was nie alle koloniste gediend met die verengelsingbeleid nie, veral nie dié op die platteland nie. Twee petisies, een in 1857 en die ander in 1858, wat die kiesers van Albert ten gunste van die gebruik van Hollands in die Parlement ingedien het, is deur die Britse regering verwerp (Steyn 1995:98).

Somerset se taalbeleid is tot laat in die 19de eeu gehandhaaf. Die pogings tot verengelsing was tot 'n mate suksesvol. Daar het in Wes-Kaapland nie net 'n taalverskuiwing nie, maar ook 'n

kulturele verskuiwing plaasgevind (Le Cordeur 1986:87). Alhoewel slegs 20% van die Blanke bevolking in die Kaap Engels was, het Engels die dominante taal van die onderwys, regering en kulturele lewe geword. Afrikaners het hulle al hoe nouer met die Britse leefwyse, kultuur en tradisies begin vereenselwig en groot waarde aan Engels as medium geheg om tot die openbare lewe toe te tree. Afrikaans het egter nog altyd die kerk- en huistaal gebly. In die Boererepublieke in die Noorde is hierdie houding teenoor Engels ook gehandhaaf (Lanham 1978:21).

2.4 Die herstrukturering van Suid-Afrika (1854-1910)

2.4.1 Die Boererepublieke

Die Voortrekkers se eerste Republiek het net vier jaar bestaan, voordat die Union Jack in Mei 1842 weer in die Voortrekkerdorp, Port Natal gehys is. Die Voortrekkers moes weer trek. Teen 1854 was die meeste van die Voortrekkers se ideale verwesenlik. Hulle was nie meer Britse onderdane nie, want die Britse regering was blykbaar oortuig daarvan dat dit vir hulle beter sou wees om die binneland prys te gee en slegs beheer te hou oor die kuskolonies. Die ondertekening van die Sandrivier-Konvensie in 1852, het tot die totstandkoming van die Zuid-Afrikaanse Republiek gelei. Die Bloemfontein-Konvensie wat die inwoners van die Oranjerivier-Soewereiniteit hul onafhanklikheid gegee het, is op 23 Februarie 1854 onderteken (Du Bruyn 1986:134-139). Alhoewel Hollands die amptelike taal was, was 'n beduidende persentasie van die Blankes in die Vrystaat Engelssprekend. Volgens Heydenrych (1986:145) was hulle in Bloemfontein (die belangrikste dorp), in die meerderheid. Hierdie inwoners het hul politieke verhoudings met die Kaapkolonie en sy Britse instellings geïdentifiseer. Steyn (1995:99) wys op die besondere sterk invloed van Engels, veral op die opvoeding en onderrig en in sektore van die staatsdiens, soos die spoorweë. Hierdie invloed het voortgeduur tot aan die einde van President Brand se regering in 1888.

Ten spyte van Brittanje se vroeëre besluit om die kolonies in die binneland prys te gee, het hernieude imperiale belangstelling weer begin opvlam. Dit het begin met die Britse anneksie van Basoetoland op 12 Maart 1868. Op 12 April 1877 is die swak bestuurde Z.A.R. ook deur Brittanje geannekseer. Die Zuid-Afrikaanse Republiek het nou die Britse kolonie Transvaal geword. Voorbereidings vir oorlog is getref en op 16 Desember 1880 het die eerste skote by Potchefstroom geklap. Op 3 Augustus 1881 is die Konvensie van Pretoria onderteken. Die

Transvaal was weer in Boere hande (Heydenrych 1986:149-160). Volgens Steyn (1995:99) is groot pogings na die Anglo-Boereoorlog aangewend om die onderwys en die staatsdiens Hollands te hou. Die spoorweë is beheer deur die *Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij*, wat ongeveer 1,700 Hollandssprekendes in diens gehad het.

Dit was eers met die ontdekking van goud in 1886 aan die Witwatersrand dat die Engelse taal 'n groot faktor in die Transvaal geword het. Uitlanders het na die gebied gestroom en 'n groot bedrywige Engelssprekende bevolking het oornag aan die Rand ontstaan (Zietsman 1992:12). Die uitlanders het beswaar begin aanteken teen die uitsluiting van hul taal uit die staatsdiens, skole, geregshoue en die parlement. Dit was egter vir die Kruger-party belangrik om Hollands ten alle koste te handhaaf en om Engels so ver as moontlik in die onderwys en administrasie te beperk. Wet no.10 van 1888 het die gebruik van Hollands in alle amptelike stukke van die Z.A.R. verpligtend gemaak. Alle amptenare in alle houe van die staat moes Hollands gebruik en alle pleidooie moes in Hollands gelewer word (Zietsman 1992:16). In die negentiger jare het hierdie griewe teen die Transvaalse regering groter geword. In 1895 het Charles Leonard (een van die Uitlanderleiers), namens die Transvaal National Union, 'n reeks griewe gepubliseer wat ekonomies, polities sowel as kultureel van aard was. Dit het die Kruger-regering in 'n baie swak lig gestel. Uitlander drukgroepe het daarop aangedring dat Engels (volgens hulle die taal van die meerderheid), ook sy regmatige plek in die houe en die Volksraad moes inneem. Die Kruger-party wou egter nie bes gee nie, want hulle het taal en onderwys as belangrike wapens in die behoud van hul nasionaliteit en Transvaal-Hollandse erfenis gesien (Zietsman 1992:12).

2.4.2 Die posisie in die Kaapkolonie

Die ander state en kolonies is in die vroeë tagtigerjare deur die spanning tussen die Z.A.R. en Brittanje beïnvloed. Die Kaapse Afrikaners sowel as die Vrystaters, het sterker bewus geraak van hul bande met hul taalgenote (Zietsman 1992:7). Die G.R.A. (Genootskap van Regte Afrikaners) is op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig. Die doel van die Genootskap was: "Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land" (Nienaber 1967:19). Dit was die eerste werklike Afrikaanse beweging. 'n Besef het ontstaan dat as die eie taal nie die kultuurmedium word nie, sal die nasie ondergaan (Van der Merwe 1968:83). Daar moet in gedagte gehou word dat Hollands nog op hierdie stadium vir hoër funksies, soos die opstel van amptelike dokumente,

gebruik is. Alhoewel die Afrikaanse gemeenskap nie meer met gemak Hollands kon praat of skryf nie, het hulle dit steeds as hul moedertaal beskou (Nienaber 1967:13). *Di Patriot* ('n weekblad wat in die Paarl uitgegee is), was die spreekbuis van die G.R.A. en later ook die Afrikanerbond ('n organisasie wat hom vir politieke mag van die Afrikaner beywer het (Nienaber 1967:24). Omdat Afrikaans nog nie 'n erkende taal was nie, het *Di Patriot* hom met Hollands vereenselwig en deelgeneem aan die stryd om Hollands in die parlement erken te kry (Nienaber 1967:26). Volgens Grundlingh (1986:184), was daar vanaf 1881 vir die eerste keer sprake van 'n oorkoepelende Afrikaner nasionalisme. Zietsman (1992:7) wys daarop dat 'n belangrike uitvloeisel hiervan, die ontwikkeling van die Kaapse Afrikanerbond in 1878 was. In 1879 het ds. S.J. du Toit se nasionalistiese Afrikaner Bond tot stand gekom. Die Kaapse Afrikaners het deur middel van *Di Patriot* sterk morele steun aan hulle noordelike stamgenote gegee. In 'n redaksionele berig het dié koerant in 1880 onomwonde verklaar: "Lydelike verset word nou ydelik verset" (Heydenrych 1986:159). In 1882 is die mosie van Jan Hofmeyr om Hollands in die parlement te praat, sonder teenstem deur die Kaapse Wetgewende Vergadering aanvaar. Vanaf 1884 kon Hollands op versoek van een van die partye in laerhowe gebruik word. Met die nodige toestemming van die betrokke regter, kon dit ook in die hooggeregshof gebruik word. Magistrate kon sedert 1895 nie permanent aangestel word, indien hulle nie 'n kennis van Hollands gehad het nie (Zietsman 1992:9).

In die praktyk het daar nie veel van hierdie regte tereg gekom nie. Jan Hofmeyr het later self erken: "De hooggeroemde gelijkheid heeft nooit in de Kaapkolonie bestaan, was altyd min of meer 'n fiktie" (Steyn 1995:99). Die toestand vir die Afrikaner in die Kaapkolonie het na 1900 baie versleg. Die owerheid het alles in sy vermoë gedoen om die gebruik van Hollands te ontmoedig (Nienaber 1967:38). Teen die einde van die Anglo-Boereoorlog, het Milner al hoe sterker daarop begin aandring dat die Kaapse Grondwet opgeskort word. Hierdeur wou hy die Afrikanerbond aan bande lê en het uiteindelik gelei tot die opskorting van alle bestaande taalregte in die Kaap. In die naoorlogse jare het die Kaapse Afrikaners onophoudelik geprotesteer teen die minderwaardige posisie van hulle taal, asook oor die miskenning van hulle taal in die regeringsadministrasie (Zietsman 1992:23-25). Volgens Nienaber (1967:38) is die kennis van Hollands by aanstellings in die staatsdiens en skoolinspekteurs sedert 1900, meer as 'n nadeel as 'n voordeel beskou.

2.4.3 Die Transvaal en die Vrystaat

In Maart 1897 is 'n politieke verbond tussen die Z.A.R. en die Vrystaat gesluit. Sir Alfred Milner se aanstelling as Britse Hoëkommissaris in Maart 1897, het feitlik die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog verseker. Vir Milner was die voordele van Britse oppergesag vir die wêreld geweldig belangrik. Om hierdie filosofie te verwesenlik, was dit vir Milner noodsaaklik om die Britse posisie in Suid-Afrika te verstewig en uit te bou. Vanaf 11 Oktober 1899 was die Transvaal en die Oranje-Vrystaat formeel in oorlog met Brittanje. Hierdie bittere oorlog is eers op 31 Mei 1902 met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging beëindig (Grundling 1986:194-199). Volgens Steyn (1995:100) was die Anglo-Boereoorlog vir die Afrikaners in baie opsigte 'n totale ramp. Waar die Afrikaners in 1899 nog twee derdes van die Blanke bevolking uitgemaak het, is hulle getalle in 1904 tot minder as die helfte verminder, as gevolg van lewensverlies en Britse immigrasie. Die Boererepublieke het ook alle taalregte verloor.

Gedurende hierdie tyd is alle taalpolitiek deur lord Milner bepaal. Dit was volgens Milner onsinnig om taalregte aan die besette republieke toe te ken, omdat dit net weer deur politieke agitators misbruik kon word. Sy beleid sou wees “ ... to make English indispensable in the future, and to prepare the rising generation for that state of affairs by practically compelling them to learn it ...” (Zietsman 1992:27). Dit was duidelik dat Milner net een taal in die land wou hê. Van artikel 6 van die Vredestraktaat van Vereeniging wat gelui het dat kinders in die Vrystaat en Transvaal in Hollands opgevoed kon word, sou die ouers dit begeer, het daar nie veel van tereg gekom nie. Die eentalige onderwysers wat ingevoer is om aan hierdie bepaling uitvoering te gee, was duidelik nie daartoe in staat nie. Die medium van onderrig het Engels gebly (Nienaber 1967:39).

Alhoewel Milner groot waarde geheg het aan amptenare met ervaring in hierdie land, was lojaliteit teenoor Engeland vir hom die grootste kwalifikasie. Dit het meegebring dat 'n groot groep Milner-ondersteuners ingevoer is om die verowerde land te help regeer. Alle sleutelposte is deur hulle gevul. Sy beleid was ook om soveel as moontlik Britse oudsoldate in die spoorweë, polisie en poskantoor in diens te neem. Dit sou nie net tot die Engelstalige karakter van die dienste bydra nie, maar ook die voorsiening van Hollandse dienste bemoeilik

(Zietsman 1992:28). Die voorsiening van Hollands in die howe was ook 'n sensitiewe aangeleentheid. Artikel 6 het bepaal: "The Dutch language ... will be allowed in courts of law when necessary for the better and more effectual administration of justice" (Nienaber 1967:39). Milner se raadgewers was egter van mening dat Hollands slegs in die laerhowe toegelaat moes word. Volgens hulle sou die toelating van Hollands in die hooggeregshof kon lei tot die uitsluiting van Engelse regters en 'n anti-Britse hiërargie van Hollandse regsgeleerdes. Vir die voorstanders van Afrikaans en Hollands was Engels-eentaligheid onaanvaarbaar (Nienaber 1967:40-41). 'n Paar jaar na die Anglo-Boereoorlog het die Tweede Afrikaanse Taalbeweging tot stand gekom. Hierdie beweging het hom beywer vir die erkenning van Afrikaans en om Afrikaans as skryftaal te bevorder (Dekker 1958:35-42). Talle Afrikaanse leiersfigure was eerder voorstanders van Engels as Afrikaans. Vele ander wou nie Engels of Afrikaans as ampstaal hê nie en het hulle beywer vir Hollands as amptelike taal (Nienaber 1967:40).

In 1907 is selfbestuur aan die twee verowerde state toegeken. Die Blanke inwoners kon nou hul politieke doelwitte binne 'n parlementêre raamwerk nastreef (Spies 1986:220). Die voorstanders van Afrikaans het nog aan Hollands as skryf- en kultuurtaal vasgehou, veral omdat dit aansluiting by die Bybeltaal gevind het (Van der Merwe 1968:89). Volgens Nienaber (1967:60) was die taalvraagstuk tydens onderhandelinge oor unifikasie een van die neteligstes. Die Vrystaat was byvoorbeeld slegs bereid om te verenig, indien volkome taalgelykheid in die Grondwet gewaarborg word. Deur ywer van Afrikaner nasionaliste soos M.T. Steyn en J.B.M. Hertzog, is Hollands saam met Engels in die Unie-Grondwet van 1910 aangeneem en ingelyf (Steyn 1995:101). Artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet, 1909 lui soos volg:

De engelse alsmede hollandse talen zijn officiële talen van de Unie. Zij worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid rechten en voorrechten. Alle akten, verslagen en verrichtingen van 't Parlement worden in beide talen gehouden en alle wetsontwerpen, wetten en kennisgevingen van algemeen publiek gewicht of belang door de Regering van de Unie uitgegeven, zijn en geschieden in beide talen.

Hierdie taalartikel het aanvanklik weinig verskil gemaak aan die feitelike taalposisie in die staatsdiens. Met die totstandkoming van die Unie in 1910, was feitlik negentig persent van die staatsamptenare nog Engelssprekend. Die interpretasie van artikel 137 was gedurende die

eerste paar jaar na Uniewording redelik omstrede. Talle Engelssprekendes was van mening dat hierdie artikel hulle nie gedwing het om tweetalig te word nie. Elke amptenaar kon sy eie taal kies. Die destydse minister van Spoorweë, mnr. H. Burton, het byvoorbeeld in 1916 gesê dat spoorwegamptenare daarop geregtig was om Engels met die publiek te praat, al word hulle in Afrikaans aangespreek. Daar kon volgens artikel 145 ook nie teen werkers wat nie tweetalig was nie, opgetree word nie (Steyn 1995:101). Artikel 145 van die genoemde Grondwet lui:

Ambtenaren in dienst van een Kolonie ten tijde van de totstandkoming van de Unie worden niet ontslagen uit hoofde van hun onbekendheid met òf de engelse òf de hollandse taal.

2.5 Die Unie van Suid-Afrika

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het Afrikaner-nasionalisme aangewakker. In dieselfde jaar is die Nasionale Party in die Vrystaat en die Transvaal gestig. In September 1915 is die Nasionale Party in Natal en Kaapland gestig. Hierdie party het hom van die begin af vir gelyke taalregte beywer (Spies 1986:233). In 1918 het die kampvegters vir Afrikaanse regte 'n oorwinning behaal. Die Volksraad het bepaal dat Afrikaans vir doeleindes van staatsadministrasie onder "Hollands" in artikel 137 van die Unie-Grondwet ingesluit word. 'n Vereenvoudigde vorm van Hollands sou vir wette van die Parlement en vir offisiële dokumente gebruik word (Nienaber 1967:71). In 1924 het J.B.M. Hertzog se Nasionale Party aan bewind gekom. Hulle het die Smuts-regering verslaan. Hertzog se party het hom van die begin af vir gelyke taalregte beywer en het na bewindsoorname direkte stappe geneem om taalgelykheid te verseker (Murray 1986:249-250). Die Minister van Justisie, mnr. Tielman Roos, en die Minister van Landbou, Generaal Jan Kemp het omsendbriewe aan hulle onderskeie departemente gestuur, waarin amptenare in kennis gestel is dat tweetaligheid in aanmerking geneem sal word vir bevordering (Steyn 1995:101). Op 2 Mei 1925 is die Wet op de Officiële Talen van de Unie no. 8 van 1925 onderteken. Hierdie wet bepaal:

Wet om twijfel aangaande de betekenis van het woord "hollandse" in Artikel *honderd zeven en dertig* van de Zuid Afrika Wet 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, weg te nemen.

(Deur die Goewerneur-generaal in Hollands geteken.)
(Goedgekeur op 22 Mei 1925.)
[Datum van invoering – 27 Mei 1925.]

Konsiderans. – Nademaal er twijfel ontstaan is aangaande de betekenis van het woord “hollandse” in de Zuid-Afrika Wet, 1909:

En Nademaal het dienstig is die twijfel weg te nemen:

1. Betekenis van het Woord “Hollandse” in de Zuid-Afrika Wet 1909.

– Het woord “*hollandse*” in artikel *honderd zeven en dertig* van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar die woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten.

2. Korte Titel en Datum van Inwerkingtreding. – Deze Wet kan voor alle doeleinden worden aangehaald als de Wet op Officiële Talen van de Unie, 1925, en word geacht van kracht geweest te zijn vanaf de een en dertigste dag van Mei 1910.

Die wetgewende gesag wat aan Afrikaans toegeken is, het die begin van ‘n sistematiese en toegewyde beleid gekenmerk om die status van Afrikaans as dominante taal te verhoog (Lanham 1978:16). Dr. D.F. Malan het as minister van Binnelandse Sake, Opvoeding en Openbare Gesondheid vereis dat die staatsdiens volkome tweetalig moes wees. Hierdie besluit het die deure vir belangrike loopbane aan Afrikaners geopen (Murray 1986:250). Afrikaans het al hoe meer die draer van Afrikaner nasionalisme geword. Volgens Lanham (1978:21), het taal meer en meer ‘n politieke karakter ontwikkel en het daar ‘n vyandigheid teenoor Engels in oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskappe ontstaan.

In 1929 het die Nasionaliste weer ‘n klinkende oorwinning behaal. Die brandpunt van Hertzog se nasionalisme was die wetlike status van die Afrikaner. Van sy vernaamste doelwitte het die versekering van taalgelykheid vir Afrikaners ingesluit. ‘n Stem vir die Nasionaliste was ‘n stem vir Blanke Suid-Afrika en ‘n stem teen uiteindelijke Swart oorheersing. Die Swart leiers van die ANC en die ICU was ontnugter deur Hertzog se “Naturelle” Wetsontwerp en het meer radikaal begin raak. Die groot depressie en die krisis oor die goudstandaard in 1931-1932, het Hertzog gedwing om ‘n koalisieregering met Generaal J.C. Smuts te vorm. In die algemene verkiesing van Mei 1933, het die koalisieregering ‘n oorweldigende meerderheid behaal. Op 5 Junie 1934 het die twee partye saamgesmelt. Dr. D.F. Malan en sy volgelinge het nie die samesmelting van die twee partye ondersteun nie en het hulle eie party, naamlik die Gesuiwerde Nasionale Party gestig. Malan se party het ‘n veel aggressiewer nasionalistiese ideologie nagestreef en het die klem geplaas op die eiesoortigheid van die Afrikanerkultuur.

Die samesmelting van Smuts en Hertzog se partye en die breuk tussen Hertzog en Malan was van die allergrootste belang in die geskiedenis van Afrikaner-nasionalisme (Murray 1986:252-258).

Die Afrikaner-Broederbond wat in die dertigerjare oorspronklik as kultuurorganisasie gestig is, het 'n meer politieke kleur begin kry. Hulle het openlik Malan se kant gekies. Die Bond het in die geheim gefunksioneer, maar het in werklikheid die Gesuiwerde Nasionale Party in die Noorde beheer. Afrikaner-eenheid en Afrikaner-oorheersing was vir die Bond van kardinale belang. Dit was volgens hulle die enigste manier waarop die Afrikanernasie en -kultuur kon oorleef en ontwikkel. Taalgelykheid en groter deelname van Afrikaners in die landsbestuur is reeds bereik en daar is na ander doelwitte begin streef (Murray 1986:259).

Op 3 September 1939 het Neville Chamberlain, die destydse Britse Eerste Minister, aangekondig dat Brittanje in oorlog met Duitsland gewikkel is. Hertzog se voorstel dat die land neutraal bly, is verwerp en het gelei tot sy bedanking. Smuts is gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel. Hertzog het onmiddellik na sy bedanking as premier met Malan se party begin onderhandel. Hertzog wou 'n nuwe party, naamlik die Volksparty stig, maar Malan was nie geïnteresseerd in die stigting van 'n nuwe party nie. Die party is herdoop tot die Herenigde Nasionale Party (HNP) of Volksparty. Hertzog sou die party in die Parlement verteenwoordig. In November 1940 is Hertzog se voorstel van gelyke regte vir Engelssprekendes tydens die Vrystaatse partykongres verwerp. Hertzog se neerlaag is deur 'n nog groter neerlaag tydens die Transvaalse konferensie in Desember gevolg. Op hierdie konferensie het Hertzog geëis dat 'n republiek gebaseer moet wees op breë konsensus tussen die twee Blanke taalgroepe (Stadler 1986:260-262).

Die Tweede Wêreldoorlog het groot sosiale omwentelinge in die land meegebring. Dit het onder andere gelei tot die verskerping van die politieke stryd van die Swartes op die platteland en in die stede. Die ANC *Youth League* wat in 1943 gestig is, was heelwat radikaler as van die konserwatiewer leiers van die ANC. In die 1948 verkiesingstryd was die grondslag van die Nasionale party, sy apartheidsbeleid. Hertzog se beginsel van gelyke taalregte vir Engelssprekendes wat tydens die oorlog deur die Nasionale Party verwerp is, is nou aanvaar (Stadler 1986:262-269). Die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 het daartoe gelei dat

die ongeskrewe apartheidstradisies vir die eerste keer wetlik omskryf en toegepas is. Hierdie diskriminerende maatreëls van die Blanke regering, het volgens Coetzer (1986:281) tot groeiende ontevredenheid onder veral opgeleide en professionele Swartmense gelei. In daaropvolgende verkiesings, het die Nasionale Party telkens die oorwinning behaal.

Politieke gebeure sedert die Tweede Wêreldoorlog, het ook belangrike gevolge vir sosiolinguistiese patrone in Suid-Afrika gehad. Sosiale- en ekonomiese strukture het nie meer langer tot dieselfde mate saamgeval met etniese-, taal- en herkomsgroepe soos voorheen die geval was nie (Lanham 1978:20). Afrikaans het gedurende die vyftigerjare so 'n dominante rol ingeneem, dat Engelssprekendes gevoel het dat hulle taal bedreig word. Kommer is ook uitgespreek dat Engels moontlik na republiekwording in Suid-Afrika kan verdwyn (Steyn 1995:104).

2.6 Die Republiek van Suid-Afrika

Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom. Suid-Afrika was nie meer langer lid van die Statebond nie. Die meeste ondersteuners van die Nasionale Party was Afrikaners. Die droom van die Afrikaners in die eertydse Boere Republieke om weer 'n republiek vry van Engelse oorheersing te vorm, is verwesenlik. Die Engelssprekende Blanke Suid-Afrikaners in Natal was oor die algemeen nie ten gunste van republiekwording nie. Alhoewel Blanke Afrika-nasionalisme bevredig is, het die republiekwording vir die Swartmense en Kleurlinge min vreugde ingehou. Swart- en Bruin Afrika-nasionalisme is nie bevredig nie (Coetzer 1986:288-291). Hierdie ontevredenheid sou later teen die draai van die eeu, ingrypende veranderinge ten opsigte van die sosiolinguistiese patrone in die land teweegbring.

Met republiekwording het daar 'n geringe wysiging van die Grondwet ten opsigte van taal plaasgevind. In Wet no. 32 van 1961, Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, is die ou artikel 137 ingesluit met geringe wysigings, as artikel 108 (1) en (2). Artikel 108 lui soos volg:

- (1) Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Republiek en word op gelyke voet behandel en besit en geniet gelyke vryheid, regte en voorregte.
- (2) Alle stukke, verslae en verrigtinge van die Parlement word in albei amptelike tale gehou, en alle wetsontwerpe, wette en kennisgewings van algemene openbare

betekenis of belang wat deur die Regering van die Republiek uitgegee word, moet in albei amptelike tale wees.

Tot 1961 was Hollands, wat Afrikaans ingesluit het en Engels, die amptelike tale. Hollands is nou deur artikel 108 uitgesluit. Die 1961 Grondwet het ook twee bykomende taalbepalings ingesluit, naamlik artikels 109 en 110. Artikel 109 handel oor gelykheid van gebruik van amptelike tale deur provinsiale rade en plaaslike owerhede:

Alle stukke, verslae en verrigtings van 'n provinsiale raad word in albei amptelike tale gehou, en alle ontwerpordonnansies, ordonnansies en kennisgewings van openbare betekenis of belang wat deur 'n provinsiale administrasie uitgegee word, en alle kennisgewings uitgereik en alle regulasies of verordenings gemaak deur 'n instelling of liggaam in paragraaf (f) van subartikel (1) van artikel *vier-en-tagtig* beoog, moet in albei amptelike tale wees.

Artikel 110 handel oor die wyse van publikasie van byvoorbeeld kennisgewings deur die staat in nuusblaaie:

Wanneer enigiets van Staatsweë of deur of in opdrag van 'n liggaam in paragraaf (f) van subartikel (1) van artikel *vier-en-tagtig* bedoel of van die administrasie van 'n provinsie in 'n nuusblad gepubliseer word, moet die publikasie gelyktydig in albei amptelike landstale plaasvind en in die geval van elke taal in 'n nuusblad wat in die regsgebied van die betrokke owerheid in omloop is en hoofsaaklik in daardie taal verskyn, en moet die publikasie in elke taal sover doenlik dieselfde ruimte in beslag neem: Met dien verstande dat waar in die betrokke gebied 'n nuusblad wesentlik in albei die amptelike tale verskyn, die publikasie in albei tale in daardie nuusblad kan geskied.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die Nasionale Party se beleid het net voor republiekwording 'n belangrike klemverskuiwing ondergaan. Die konsep van Bantoetuislande wat uiteindelik selfregerend sal wees, is gebore. In 1961 het die destydse Eerste Minister, Dr. H.F. Verwoerd, sy meesterplan vir die tuislande in die Parlement onthul. Dié stelsel het voorsiening gemaak vir die indeling van Swartmense in agt etniese eenhede. Swartmense sou volle regte in hul tuislande ontvang, in ruil vir geen regte in Blanke gebiede nie (Bradley 1996:15-18). Elke tuisland sou sy eie burgerskap verleen, nie net aan sy inwoners nie, maar ook aan die Swartes wie se huistaal dié van die betrokke tuisland is (Davenport 1986:305).

Een van die wyses waarop daar uitvoering aan hierdie beleid verleen is, is deur die promulgering van artikels 109 en 110 deur Wet no. 9 van 1963 en lui soos volg:

Artikel *honderd-en-agt* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, word hierdeur gewysig deur aan die einde daarvan die volgende subartikel by te voeg:

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan 'n Wet van die Parlement waarby 'n Bantoegebied tot 'n selfregerende gebied ooreenkomstig die bepalings van daardie Wet verklaar word, voorsiening maak vir die erkenning van een of meer Afrikatale vir een van die volgende doeleindes, te wete -

- (a) as 'n addisionele amptelike taal of as addisionele amptelike tale van daardie gebied; of
- (b) vir gebruik in daardie gebied vir amptelike doeleindes deur of kragtens daardie Wet voorgeskryf, en bepalings bevat wat die gebruik van so 'n Afrikataal buite bedoelde gebied magtig vir sodanige doeleindes wat met die sake van dié gebied in verband staan en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat deur of kragtens daardie Wet voorgeskryf word.

Na die verbanning van die ANC en die PAC in 1960 en die inhegtenisname van hul belangrikste leiers, het dit op die oog af voorgekom asof Suid-Afrika in die sestigerjare 'n toestand van ordelike welvaart beleef het. Onrus het egter steeds onder die oppervlak voortgesmeul en Swart opposisiebewegings het die stryd teen onderdrukking voortgesit. Op 6 September 1966 is Verwoerd tydens 'n sitting van die Volksraad vermoor. Sy opvolger B.J. Vorster, was vasbeslote om die beleid op dieselfde spoor te hou. Vorster het die politieke onrus onder die Swartmense kragdadig probeer onderdruk. Repatriëring is aan die nuwe opvatting van burgerskap gekoppel. Geen ag is geslaan op die uitwerking daarvan op menselewens nie en die land het onder Vorster se leiding die naaste aan 'n totalitêre staat gekom. Die Blanke politiek het egter ook deur 'n onstuimige tyd gegaan. 'n Skeuring het in 1968-1969 in die regering ontstaan as gevolg van konflik tussen dr. Albert Hertzog en Vorster. Nadat Hertzog deur Vorster uit die parlement ontslaan is, het Hertzog sy eie politieke party, naamlik die Herstigte Nasionale Party op die been gebring (Davenport 1986:304-309).

Die eerste tuisland wat onafhanklikheid aanvaar het, was Transkei in 1976. Later het Bophuthatswana in 1977, Venda in 1979 en Ciskei in 1981 gevolg. Hulle het die sogenaamde Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei geword (Skinner 1983:117). Die Zululeiers wat die implikasies van dié beleid besef het, het die aanbod van onafhanklikheid van die hand gewys (Davenport 1986:305). Die Transkei het besluit dat Engels, Xhosa en Suid-Sotho die amptelike tale van die land sal wees. Die ander sogenaamde onafhanklike Bantoeestans soos Venda en Bophuthatswana het wel erkenning aan Afrikaans as een van die amptelike tale gegee. Dit was egter net in naam, want in praktyk het hulle voorkeur gegee aan

Engels as bv. medium van onderrig en as televisietaal. In die Ciskei was isiXhosa en Engels die amptelike tale (Steyn 1995:105).

In Junie 1976 het onrus in Soweto ontstaan, wat na bykans elke woonbuurt in Suid-Afrika uitgekring het. Afrikaans is as verpligte medium van onderrig in sekere vakke in Swart skole ingestel (Davenport 1986:307). Davenport (1986) wys voorts daarop dat dit waarskynlik 'n simboliese aanleiding, eerder as die enigste rede vir die onrus was. Die jeug het geen tekort aan redes vir 'n opstand gehad nie. Deur teen Afrikaans beswaar te maak, is daar eintlik teen die regering beswaar gemaak. Afrikaans is beskou as die taal van die onderdrukker, want die meeste van die verteenwoordigers van die Nasionale Party het volgens Van Rensburg (1997:54), Afrikaans as huis- en openbare taal gebruik. Die snelle emansipasie van die Swartes het groot ondersteuning vir Engels gebring. Historiese redes, asook die status van Engels as internasionale taal, het daartoe bygedra dat Swartes Engels meer en meer as medium van onderrig verkies het. Binne enkele jare het Engels die taalmedium van die meeste voormalige Swart hoërskole in die land geword. Ten spyte van die feit dat Afrikaans in baie gevalle die enigste ander taal buiten hul moedertaal was wat die Swart sprekers gebesig en verstaan het, het hulle dit prysgegee vir Engels (Steyn 1995:105).

Vir die sprekers van die verskillende Afrikatale, kan 1977 beskou word as een van die mylpale in die geskiedenis van tale in Suid-Afrika. Die sogenaamde Bantutale Raad is gedentraliseer en hulle verantwoordelikhede is aan die verskillende taalgroepe self oorgedra. (Die woord *Bantutale* is wetenskaplik meer korrek, maar vanweë die negatiewe konnotasie, asook die gebruik van die woord *Afrikatale* in amptelike regeringsdokumente, word die term *Afrikatale* voortaan gebruik.) Hierdie besluit kenteken die amptelike erkenning van Afrikatale as nasionale tale (Masebenza 1985:90). Al is daar erkenning aan hierdie inheemse tale gegee, is hulle nog nie as amptelike tale in die grondwet van Suid-Afrika erken nie. Voorts het hierdie tale ook nie gelyke status as landstale saam met Engels en Afrikaans geniet nie.

In 1978 is P.W. Botha as die leier van die Nasionale Party en die Eerste Minister van Suid-Afrika verkies. Hy was ten gunste daarvan dat politieke regte aan Kleurlinge en Indiërs gegee word. 'n Nuwe Grondwet is opgestel om voorsiening te maak vir 'n parlement met drie kamers, naamlik die Volksraad vir die Blankes, 'n Huis van Verteenwoordigers vir die

Kleurlinge en 'n Huis van Afgevaardigdes vir die Indiërs. Botha se hervormings het geen voorsiening gemaak vir die Swart gemeenskap nie, omdat daar geglo is dat politieke regte aan Swartmense in hulle tuislande toegeken is. Botha het gou uitgevind dat sy hervormingsbeleid verwerp word. Geen ander land het hierdie tuislande as onafhanklike state erken nie. Ten spyte hiervan is die nuwe Grondwet in 1984 tog in werking gestel en P.W. Botha het president geword (Davenport 1986:310-314). Op hierdie stadium het hernude opstande teen die regering uitgebreek. P.W. Botha het al die versetaksies teen sy regering probeer stopsit, deur in 1985 'n gedeeltelike noodtoestand af te kondig. In 1988 het die inperking van verskeie weerstandsbewegings plaasgevind. Ten spyte van die feit dat talle Swart leiers gearresteer en in die tronk gegooi is, het die opstand voortgeduur.

2.7 'n Nuwe bedeling

In 1989 het Botha as leier van die Nasionale Party en as Staatspresident bedank. Sy opvolger F.W. de Klerk, het dadelik gepoog om 'n vreedsame oplossing vir die krisis te vind. Vroeg in 1990 het hy die verbod op alle politieke organisasies opgehef, en alle politieke gevangenes, insluitend Nelson Mandela, vrygelaat. In Mei 1990 het onderhandelings tussen die ANC en die regering begin. In 1993 is 'n ooreenkoms bereik en 'n tussentydse Grondwet is aanvaar. Dit het die weg gebaan vir die eerste demokratiese verkiesing wat op 27 April 1994 in Suid-Afrika gehou is. In hierdie verkiesing het die ANC 'n oorweldigende meerderheid oor die Nasionale Party asook die ander politieke partye behaal. Mnr. Nelson Mandela is kort daarna as die eerste Swart president van die Republiek van Suid-Afrika ingehuldig (Lowis 1995:22-31).

Die finale Grondwet (1996) bepaal dat Afrikaans en Engels nie meer die enigste twee amptelike tale in die Republiek van Suid-Afrika nie. Artikel 6 van Wet no. 8 van 1996 bepaal:

Tale - (1) Die amptelike tale van die Republiek is Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.

(2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.

(3) (a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regerings doeleindes aanwend, met in agneming van gebruik, doenlikheid,

kosse, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.

- (b) Munisipaliteite moet die taalgebruike en -voorkeur van hul inwoners in aanmerking neem.
- (4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalings van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.
- (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet -
- (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van -
 - (i) alle amptelike tale;
 - (ii) die Khoi-, Nama- en Santale; en
 - (iii) gebaretaal; en
 - (b) respek bevorder en verseker vir -
 - (i) alle tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en
 - (ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika vir godsdiensoeleindes gebruik word.

Vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis is daar amptelike erkenning gegee aan die vernaamste inheemse tale. Die teorie bevestig die ideaal van gelykheid van taalregte. Soos later aangetoon sal word, is die realiteit egter ver verwyderd van hierdie ideaal, omdat dit wil voorkom asof die sprekers van tien van die elf amptelike tale oorheersing deur Engels aanvaar.

2.8 Samevatting

Die linguistiese situasie in Suid-Afrika is nie net uiters interessant nie, maar ook geweldig kompleks. Uit die geskiedenis blyk dit duidelik dat taal en politiek in hierdie veeltalige, multi-kulturele land onlosmaaklik verweef is. 'n Land se linguistiese situasie is nooit staties nie. Uit Suid-Afrika se geskiedenis blyk dit duidelik dat ook hierdie land se taalpatrone oor die eeue heen opvallende veranderinge ondergaan het. Die gevolge daarvan is eeue later nog steeds in die taalpatrone van die land sigbaar. Elke politieke groep wat aan bewind kom, gebruik sy

magsposisie om sy taalbeleid op ander groepe af te dwing. Sprekers van tale wat geen linguistiese regte geniet nie, word gedwing om hul linguistiese gedrag aan te pas by die taal van die dominante groep. Die norm is egter dat wanneer die magsverskuiwing plaasvind, die voorheen onderdrukte groep sy magsposisie gebruik om weer ander groepe op sy beurt te onderdruk.

Die marginalisering van die tale van die inheemse bevolking het reeds begin met die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652. Die oornome van die Kaap deur Engeland het gelei tot die begin van taal- en kulturele veranderinge ten gunste van Engels in Suid-Afrika. Die 1996 Grondwet van Suid-Afrika maak vir die eerste keer in die land se geskiedenis voorsiening vir die amptelike erkenning van die vernaamste inheemse tale in die land. 'n Verskuiwing van die miskienning van taalverskeidenheid, na 'n erkenning daarvan, het plaasgevind. Die teorie bevestig die ideaal van gelykheid van taalregte. In die praktyk het weinig egter verander. Die situasie het trouens versleg. Soos later aangetoon sal word, domineer net een taal, naamlik Engels nou. Die geskiedenis is baie duidelik besig om homself weer te herhaal.



HOOFSTUK 3

HISTORIESE OORSIG: TAAL EN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

3.1 Inleiding

Taal is essensieel die medium waardeur onderwys plaasvind. Douglas Barnes beweer:

Language is so deeply embedded in many subjects of the secondary school curriculum that it is sometimes difficult to separate learning the concepts and processes of a subject from learning to use language to represent and use these concepts and processes ... (soos aangehaal deur Mawasha 1982:3).

Die taalbeleid van die heersende politieke party het daarom ongetwyfeld verreikende gevolge vir die onderwysstelsel, sowel as vir die betrokke leerders. Hawes (1979:76) skryf:

... language policies for education are highly charged political issues and seldom, if ever, decided on educational grounds alone. When they are made, they are almost invariably subject to mistrust and misunderstanding by some section of the community. It is virtually impossible to please everyone ...

Die onderwysbeleid van 'n land reflekteer sy politieke opsies, tradisies, waardes, asook konsepsies van die toekoms (Faure 1972:170). Toe die inwoners van Suid-Afrika gekoloniseer is, het hulle nie net hulle politieke onafhanklikheid verloor nie, maar het kulturele- en ideologiese transformasies ook plaasgevind (Kalloway 1984:8). Hierdie transformasies is deur middel van wetgewing afdwing en bestuur deur die betrokke regering van die dag. Dit ly geen twyfel nie, dat leerders se persepsies van hul moedertaal, asook hul houding teenoor die taal van die heersers, hierdeur beïnvloed is en nog steeds beïnvloed word. Een van die hoof rolspelers in hierdie verband, is die skole. Hierdie hoofstuk fokus kortliks op die onderwysstelsel en die invloed van die verskillende taalbeleide in die loop van Suid-Afrika se onderwysgeskiedenis, op leerders se persepsies van taal.

3.2 Die Kaap tot 1910

3.2.1 Die vroeë Hollandse tydperk

Die onderwysstelsel wat in Suid-Afrika ontwikkel het, is grootliks gevorm deur die eerste Europese setlaars wat hulle hier kom vestig het. Uit die aard van hierdie setlaars se agtergrond, het die kerk 'n primêre rol in die vroeë onderwys gespeel (Behr 1978:1-3). Voor die koms van die setlaars na die Kaap, was die onderwys vir die Swartmense 'n informele aangeleentheid. Die kind was gewoon aan die tradisionele stelsel waar die ouerhuis die

nodige opvoeding en onderrig verskaf het. Die Blanke se idees oor opvoeding was egter meer formeel van aard (Leonie 1965:42).

Dit was vir die Blanke setlaars aan die Kaap van groot belang om die inheemse bevolking te kersten en te onderrig. Hulle was voorts ook oortuig daarvan dat onderrig in die moedertaal van die inboorlinge moet geskied. Pas na sy aankoms in die Kaap, het Van Riebeeck en 'n sieketrooster genaamd Willem Barentz Wyland, gepoog om die Hottentotte te leer lees en skryf. Weens die ongedissiplineerde lewens van die Hottentotte, het Wyland dit feitlik onmoontlik gevind om hulle te leer (Leonie 1965:43-46). Op 11 April 1658 is die eerste skooltjie in die Kaap deur die sieketrooster Pieter van der Stael geopen. Die skool is spesiaal gestig vir die Hottentotte en die jong slawe van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Leerders van alle ouderdomme is hier toegelaat (Molteno 1984:45). Molteno (1984) wys daarop dat:

... distinction has to be made between the declared aims of schooling and what was and is intended by those formulating educational policy ...

In hierdie geval was die doel om vir die slawe Hollands te leer (Raidt 1971:88). Die owerhede het geen kwalifikasies of vereistes tot toelating, vir die Hottentotte neergelê nie. Van die slawe is daar die volgende verwag:

... sprekende prompt de Nederduytsche taal en doende of goed hebbende de beleijdenisse van de Gereformeerde religie ... (Mawasha 1982:3).

Die “studente-slawe” was nie baie gedien hiermee nie en het gereeld op die vlug geslaan. Die skool het uiteindelik gesluit (Molteno 1984:46). Volgens Mawasha (1982:5), het hierdie ambisieuse poging gefaal, omdat die “leerlinge” nie behoorlik Hollands kon praat nie en omdat die “onderwysers” ook nie die taal van die “leerders” kon praat nie. Gedurende hierdie tyd was Hollands die enigste amptelike taal, asook die enigste medium van onderrig.

In 1663 is die eerste skooltjie vir die kinders van die nedersetting gestig. Die sieketrooster moes aan Blanke-, slawe- en Hottentotkinders onderwys gee (Raidt 1971:88). In 1666 het die Kaapse Kerkraad by die Politieke Raad aangedring dat alle slawekinders skool toe gestuur moes word. Gedurende dieselfde jaar het die Politieke Raad verslag gedoen dat die Hottentotkinders wat die skool bywoon, reeds ‘n kennis van Hollands opgedoen het. Teen 1671 het nog slegs 12 slawekinders die skool bygewoon. Die Kerkraad het in 1676 ‘n aanbeveling

gemaak dat dit raadsaam sou wees om ‘n aparte skool vir die slawekinders te stig (Leonie 1965:46-47). Die doel van hierdie voorstel was nie soseer om kinders op grond van kleur te skei nie, maar om die klasverskil tussen slawe en koloniste duidelik te beklemtoon (Molteno 1984:46). Die Politieke Raad aan die Kaap het hierdie voorstel gesteun, maar het daarvoor gestem dat die mees geskikte Nie-Blanke kinders in die skool kon aanbly. Voorsiening is gemaak vir ‘n Nie-Blanke persoon om opgelei te word om die Nie-Blanke kinders te onderrig. Deur die werk van Kommissaris Hendrik Adrian van Rheede, is die eerste aparte skool vir Blanke- en Nie-Blanke kinders in 1685 gestig. Navorsing toon dat daar in 1700 ‘n tipe openbare skoolstelsel bestaan het. Teen 1707 was die openbare skole onder die beheer van ‘n opvoedingskommissie, wat onder toesig van die Kaapse Goewerneur en sy Raad gestaan het (Leonie 1965:47-49).

Die onderwystoestande het in die 18de eeu nie veel verbeter nie. Enkele skooltjies is in die Kolonie gestig. In Kaapstad self, is daar ook herhaalde onsuksesvolle pogings aangewend om die onderwys te verbeter. Goewerneur De Chavonnes het in 1714 gepoog om die skoolstelsel te verbeter en die eerste Latynse skool is gestig. Daar is ook voorts bepaal dat alle onderwysers, ook dié wat van plaas tot plaas getrek het, getoets moes word. Die Latynse skool in die Kaap het egter nie lank bestaan nie, omdat welgestelde ouers hul kinders vir verdere opleiding na Europa gestuur het. Stadskinders het tot op die ouderdom van ongeveer vyftien of sestien skoolgegaan. Vir veeboere in die binneland, was skole ‘n groot probleem. Hulle het te ver van bestaande skole gewoon om hulle kinders daarheen te stuur. Hierdie boere het van huisonderwysers gebruik gemaak, wat hulle vir tydperke van ses maande of ‘n jaar gehuur het om hulle kinders te onderrig. Hierdie onderwysers was meestal oudsoldate wat van die Kompanjie gedros het. Die Bybel het ‘n groot rol in die onderwys van hierdie kinders gespeel. Dit was vir elke volwasse burger baie belangrik om “aangeneem” te word. Baie het aan die hand van die Bybel leer lees, omdat dit ‘n vereiste van die Nederduits-Gereformeerde Kerk was om die Bybel te kon lees (Raidt 1971:88-90). Van die idee om Blanke- en Nie-Blanke kinders in afsonderlike skole op te voed, het nie veel tereg gekom nie. Uit verslae blyk dit dat daar in Augustus 1779 in al agt openbare skole ook slawekinders aanwesig was. Uit 696 kinders, was daar ongeveer 82 slawekinders (Du Toit 1963:21).

Gedurende die eerste Britse besetting van die Kaap vanaf 1795 tot 1803, is geen daadwerklike veranderinge aan die onderwysstelsel aangebring nie. Tydens die Bataafse bewind, het Kommissaris De Mist pogings aangewend om die skoolstelsel te verbeter (Behr 1978:4). Moedertaalonderrig was vir De Mist van primêre belang. Volgens Malherbe (1925:52-54) het De Mist onderwys onder andere gesien as 'n instrument vir die bewaring van nasionale solidariteit, veral deur die beskerming van moedertaalregte. Nie veel is verrig nie, omdat hierdie bewind van korte duur was.

In 1799 is die eerste skool vir Swart leerlinge in die binneland deur dr. J.T. van der Kemp van die Londense Sendinggenootskap naby King Williamstown geopen (Nel 1942:78). Voorheen het slegs 'n handjievol Nguni- en Sothosprekers enige formele onderrig in skole in die Kolonie ontvang. Met die draai van die eeu is meer en meer sendingskole aan die buitewyke van Blanke setlaarsgebiede in die binneland gestig (Molteno 1984:49). Die sendelinge het hulle taak onder groot opposisie van die setlaars verrig (Leonie 1965:54).

3.2.2 Die Britse tydperk

Die Tweede Britse Besetting van die Kaap het die hele politieke magstruktuur in die Kaapkolonie verander. Daarmee saam is ook die taalsituasie in die regering, sowel as in die skole verander (Mawasha 1982:6). Kort na die heranneksasie van die Kaap deur Brittanje, het die nuwe Goewerneur, die Graaf van Caledon, sy angstigheid oor die ongeletterdheid van die slawe uitgespreek. In 1809 het 'n skoolkommissie verslag gedoen dat daar 'n groot behoefte aan goed georganiseerde gratis onderwys vir behoeftige kinders aan die Kaap bestaan (Leonie 1965:64). Sir John Cradock wat in 1811 as goewerneur aangestel is, het dadelik sy aandag aan skoolsake gewy (Behr 1978:4). Cradock het die skool as die belangrikste middel gesien om die land se inwoners te verengels (Nienaber 1967:6). In 1812 het Cradock byvoorbeeld toestemming gegee dat daar 'n Engelsmedium skool vir slawe gestig word (Leonie 1965:64).

Cradock is in 1814 deur lord Charles Somerset opgevolg. Somerset het die ou Hollandse kosterkole met 'n stelsel van vry staatskole op al die belangrikste plekke vervang (Nienaber 1967:6). Op 5 Julie 1822, het Somerset 'n proklamasie uitgevaardig dat Engels die enigste amptelike taal in die Kaapkolonie is. Engels en Latyn was die enigste tale wat in die

regeringskole onderrig kon word. Vir hierdie doel het Somerset ses Britse onderwysers na die Kaap laat kom. Hulle moes Engels, rekenkunde, lees, skryf en godsdiens onderrig (Malherbe 1925:57-58). Volgens Rose-Innes, een van die ingevoerde onderwysers, was hierdie skole slegs toeganklik vir Blanke koloniste se kinders. Dit het die idee van afsonderlike skole vir Blank en Nie-Blank herbevestig (Leonie 1965:65). Aanvanklik is hierdie vry staatskole goed ondersteun. Vele Hollandse ouers het egter later beswaar gemaak, omdat Hollands nooit amptelik as vak of voertaal erken is nie. Hulle het geweier om hul kinders na hierdie skole te stuur en die skole het begin leegloop (Nienaber 1967:6). Ook in Swart staatskole het Engels die dominante taal geword. Net in sendingskole wat deur die kerk beheer is, kon die ouers nog die voertaal van die skool kies. Hierdie posisie het egter ook spoedig verander (Mawasha 1982:6).

In 1839 is James Rose-Innes as die eerste Superintendent-generaal van Onderwys in die Kaap aangestel. Die verantwoordelikheid vir die onderwys is nou van die Kerk na die Staat oorgedra. Op 10 Junie 1844, is 'n memorandum deur die Superintendent-generaal van Onderwys uitgereik, wat onder ander bepaal het dat sendingskole slegs onder sekere voorwaardes regeringssubsidies sou ontvang. Hierdie wetgewing is in 1865 gepromulgeer. Een van die voorwaardes was:

... the English language to form a branch of instruction in all schools thus aided, and where possible it should be used as the colloquial language of the school ... (Leonie 1965:68).

In Blanke skole het die situasie ten opsigte van Hollands verder versleg. Die Onderwyswet no.13 van 1865 het bepaal dat Engels in alle eerste- en tweede-klas-skole as voertaal gebruik moes word. In die plattelandse-, of derde-klas-skole moes hierdie wetgewing 'n jaar later ingestel word (Nienaber 1967:6-7). Die doel van hierdie wetgewing was om die Hollandse taal deur 'n uitsluitend Engelse onderwysstelsel uit te roei (Scholtz 1964:110). Eerste-klas-skole het 'n elementêre- en sekondêre leerplan voorsien, terwyl tweede-klas-skole slegs vir 'n elementêre leerplan voorsiening gemaak het (Leonie 1965:67). Die voorwaardes vir staatsteun was dat Engels die voertaal van hierdie skole moes wees. Vir die gemiddelde "Hollands-" of Afrikaanssprekende plattelander was hierdie situasie onduidbaar (Benyon 1986:170). Hierdie bepaling is in 1882 herroep en skoolbesture is die reg gegee om Hollands as voertaal te kies. 'n Verdere bepaling was dat die hoof of 'n assistent, in staat moes wees om Hollands te onderrig,

waar verlang. Hierdie bepalings het egter weinig verskil gemaak aan die swak posisie van Hollands as taal en voertaal in die staatsondersteunde skole. Taalvegters soos Mansvelt en Hofmeyr het gewaarsku dat die Afrikanerkinders van hul volk, kerk en kultuur vervreem word, omdat hulle onderrig in 'n vreemde taal ontvang. In die Engelse skole het hul taal en geskiedenis geen plek gehad nie (Zietsman 1992:9-10).

In 1892 is dr. Thomas Muir as Superintendent van Onderwys aangestel. Muir het hom veral beywer vir die herorganisasie van die Onderwysdepartement. Dit was vir Muir van die allergrootste belang om die onderwysstelsel meer effektief te maak. Skoolbywoning vir kinders tussen die ouderdomme van 7 en 14 jaar is verpligtend gemaak. Die "School Board Act" van 1905 het die Kaapkolonie in 100 skoolraaddistrikte verdeel. Algemene beheer van die skole is aan 'n skoolraad oorgedra (De Jager 1974:222). Uit die dalende skoolgetalle kan daar afgelei word dat die skoolwet van 1865 ongetwyfeld 'n nadelige invloed op die taalsituasie in die Kaap gehad het. In 1901 was daar net 236 skole in die Kolonie wat Hollandse onderwys aan 8,150 kinders gegee het en in 1902 slegs 154 skole met 4,416 kinders. 'n Kennis van Engels is beskou as 'n teken van geleerdheid en opvoeding. Van skoolinspekteurs is daar ook nie meer 'n kennis van Hollands verlang nie (Nienaber 1967:7,38). Hierdie toedrag van sake in die Kaapse skole het tot na Uniewording voortgeduur (Zietsman 1992:10).

Vir die grootste gedeelte van die 19de eeu was daar Swart weerstand teen onderwys. Dale (Molteno 1984:52), het in 1869 die volgende opmerking in 'n verslag gemaak:

There is considerable repugnance on the part of heathen Kaffirs to send their children to school. Besides feeling that school instruction weakens the hold which native customs and superstitions have over the mind, the Kaffirs say that they are well content as they are ... They want nothing for themselves, and they wish nothing for themselves, and they wish their children to be as themselves. Each parent expects his own child to herd his few goats or two or three cows all day long.

Die ouers wat wel hul kinders skool toe gestuur het, het dit gedoen om hul kinders die geleentheid te gee om 'n tipe opvoeding te ontvang wat hulle in staat sou stel om toegang te hê tot die koloniale orde, maar nie as handarbeiders nie. Leerders wou 'n akademiese opleiding hê en was sterk gekant teen die verpligte handarbeid wat hulle elke dag in die sendingskole moes verrig (Molteno 1984:53).

Muir se aanstelling het ook die Swart skole beïnvloed. Een van die eerste take wat Muir in dié verband onderneem het, was om Blanke kinders wat sendingskole vir Nie-Blankes bygewoon het, uit dié skole te verwyder. Muir se beleid van skeiding tussen Blankes en Nie-Blankes in die Kaapse skole, het 'n presedent geskep vir verdere beleide oor skoolsegregasie. Die Kaapse Appèlhof het hierdie besluit in 1911 bekragtig. Alhoewel die regering ten opsigte van Swart onderwys hoofsaaklik deur die kerkbeheerde skole gewerk het, is hulp verleen ten opsigte van die organisasie en finansies (Leonie 1965:71-72).

Volgens Mawasha (1982:6) het die Britse tydperk ongetwyfeld 'n groot invloed op Swart onderwys, sowel as op die latere ontwikkeling van die Swart Suid-Afrikaner in die algemeen gehad. Gedurende hierdie tydperk het Engels, Hollands as amptelike taal vervang en het Engels die algemene taal in sendingskole geword. Die volgende taalsituasie is geskep:

- i) Engels as onderwystaal is gedurende hierdie tydperk stewig gevestig, soseer dat Engels en onderwys sinoniem geword het. Engels het voorts ook die *lingua franca* van die opkomende Swart intelligentsia geword.
- ii) Om Westers “beskaafd” of “verlig” te wees, het sinoniem met vaardigheid in Engels geword.
- iii) Afrikaans, wat die stigma van “kombuistaal” verloor het, het Hollands as spreektaal vervang. Afrikaans/Hollands het wel sy verskyning as vak in skole gemaak, omdat dit die brood-en-botter-taal vir baie Swartes geword het.
- iv) Selfs Afrikatale is op 'n stadium deur medium van Engels onderrig.

3.3 Onderwys in die Transvaal

3.3.1 Blanke skole (tot 1899)

Na die Groot Trek het gemeenskappe hulle oor 'n wye gebied gevestig. Drie onderwysers is uit Holland ingevoer. Een van die onderwysers is aangestel om die eerste skoolregulasies op te stel. Hierdie regulasies het die onderwys in die hande van die kerk geplaas. Die skoolregulasies wat in 1852 gepromulgeer is, kan beskou word as die eerste geskrewe poging om 'n onderwysbeleid in die Z.A.R. (later Transvaal) te formuleer. In 1859 het die Volksraad 'n onderwyskomitee aangestel om toesig te hou oor die onderwys. Hierdie komitee het egter nie aan die verwagtinge voldoen nie en is ontbind (Behr 1978:11). Alhoewel Hollands die

amptelike taal was, was daar 'n aanvraag na Engels in die skole. Die Onderwyswet van 1866 het vir die eerste keer voorsiening gemaak vir die onderrig van Engels. In sommige skole is Engels ook later as voertaal gebruik (Zietsman 1992:12). T.F. Burgers het in 1872 president van die Z.A.R. geword. In 1874 is sy Onderwyswet (Wet no. 4 van 1874) deur die Volksraad aanvaar (De Jager 1974:223). Hierdie wet het voorsiening gemaak vir drie tipes skole; (i) Plaasskole - slegs elementêre onderwys; (ii) Dorpskole - onderwys tot standers 4-5; (iii) 'n Gimnasium in Pretoria - sekondêre- en hoër onderwys. Gedurende hierdie tyd, was daar net agt distrikskole en vier plaasskole onder die jurisdiksie van die Z.A.R. Vier van die distrikskole was Engelsmedium (Pretoria, Heidelberg, Lydenburg, Zeerust), drie Hollandsmedium (Pretoria, Potchefstroom, Lydenburg) en een dubbelmedium (Rustenburg). Daar was groot ouer ontevredenheid oor die genoemde wet, omdat die ouers van mening was dat daar nie genoeg aandag aan godsdiensoonderrig gegee is nie. Slegs ongeveer 8 persent kinders van skoolgaande ouderdom, het die regeringskole bygewoon (Behr 1978:11-12). Volgens Zietsman (1992:12) het meer kinders in 1876 in die dorpskole onderrig deur medium van Engels, as Hollands ontvang.

Die anneksasie van die Z.A.R. in 1877, het 'n groot invloed op die onderwys gehad. Vacy Lyle is as Engelse Superintendent van Onderwys aangestel en het Van Gorkom later as departementshoof opgevolg. Volgens Lyle was daar 'n groeiende begeerte onder mense om Engels te leer. Hy het die volgende siening oor die voertaal in skole gehad:

Bearing in mind the wording of the Proclamation of 12 April, 1877, annexing this country to the British Empire, I cannot conceive that it would be just to make a rule absolute that English shall be the vehicle of instruction, and it would not fully satisfy the people under existing circumstances to make Dutch the vehicle, and yet to teach the rudiments of knowledge in two languages at the same time seems to me overtaxing young and undeveloped brains. Except in very exceptional cases such a process must exercise a retarding influence, and children educated under it will not exhibit an average development, equalling that to be found where one language only is used in Elementary Education (Malherbe 1925:255-256).

Lyle het voorgestel dat aparte skole vir Engels en Hollands gestig word, eerder as dat albei tale in primêre onderwys gebruik word. Volgens hom behoort die regering nie te besluit watter voertaal gebruik moes word nie. Die keuse moes eerder berus by die ouers wie se kinders in die skool wat deur hulle gestig is, onderrig word (Malherbe 1925:256).

Die Britse anneksasie het slegs tot 1881 geduur. 'n Sterk anti-Britse gevoel is na die herowering van die Z.A.R. deur die Boereleiers aangewakker. Na die Eerste Vryheidsoorlog is die hoogs patriotiese ds. S.J. du Toit as Superintendent van Onderwys aangestel. Du Toit was een van die stigterslede van die Afrikanerbond. As redakteur van *Di Patriot* het hy hom vir Afrikaans as onafhanklike taal van Hollands beywer (Behr 1978:12). Die nuwe Onderwyswet van 1882 het bepaal dat die onderwys onder toesig van die kerk en die ouers sou val. Die regering se rol sou bloot finansiële van aard wees (De Jager 1974:223). Godsdienste het nou die dominante rol in die onderwys gespeel. Voorts het Hollands die enigste medium van onderrig in die skole geword. Gedurende hierdie tyd was daar 'n groot toename in leerlinggetalle (Behr 1978:12). Met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886, het daar 'n toestroming van Uitlanders na hierdie gebied plaasgevind.

Dr. Nicolas Mansvelt wat Du Toit in 1891 as Superintendent van Onderwys in die Z.A.R. opgevolg het, was baie vyandiggesind teenoor enige Engelse invloed. Dit was vir Mansvelt van groot belang dat die onderwys op nasionaal-godsdienstige beginsels gegrondves word. Taal en volk was vir Mansvelt sinoniem, daarom moes die moedertaal van die Afrikaner 'n sleutelrol in die onderwys inneem. Die 1892 Onderwyswet het dan ook bepaal dat Hollands die enigste medium van onderrig in die skole sou wees. Daar mag ook net van Hollandse boeke gebruik gemaak word, behalwe in die geval van vreemde tale. Daar kon ook nie voor standaard drie met 'n moderne vreemde taal (hoofsaaklik Engels), begin word nie. Vanaf standaard vier kon daar 6 uur van die amptelike 25 skooluur per week aan so 'n taal bestee word. Hierdie bepaling is stiptelik uitgevoer en skole wat nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, het hulle subsidies verloor. Hierdie wetgewing het geweldige konflik tussen die regering en die Uitlanders veroorsaak (Zietsman 1992:12-13).

Die Uitlanders wat hoofsaaklik Engelssprekend was, het geweier dat hulle kinders deur medium van Hollands onderrig word. In Junie 1892 het die Transvaalse Volksraad per spesiale besluit voorsiening gemaak vir skole wat nie die landstaal as voertaal gebruik nie (Artikel 344 van 1892). Hierdie skole kon wel subsidies ontvang, maar dan moes Hollands tot die bevrediging van die Superintendent onderrig word. Voorts moes die leerlinge ook 'n inspeksie in Hollands slaag, om na die volgende standaard bevorder te kon word. Staatssubsidies is dus gebruik om 'n bepaalde taalbeleid af te dwing (Zietsman 1992:13). In 1895 het die Uitlanders

die *Witwatersrands Council of Education* op die been gebring en private skole gestig. In 1896 het die regering besluit om ook staatskole wat Engels as voertaal het, te stig. Regulasies het egter bepaal dat die kind in sy eerste skooljaar een uur per dag aan die instruksie van Hollands moes bestee; in sy tweede jaar twee ure; in sy derde jaar drie ure. Vanaf die vierde jaar moes die voertaal Hollands wees. Hierdie skole het weinig aftrek gekry en meer onafhanklike Engelse skole is gestig. Teen 1895 het ongeveer 20,000 Engelssprekende leerlinge 'n verskeidenheid privaatskole bygewoon. Die Z.A.R. se onderwysbeleid het onder kwaai kritiek van opposisiepartye deurgeloopt (Behr 1978:13-14).

Dit was nie maklik om Mansvelt se Onderwysbeleid deur te voer nie, want daar was nie genoeg opgeleide onderwysers om die kinders in Hollands te onderrig nie. Mansvelt wou ook nie onderwysers uit die Kaapkolonie invoer nie. Hierdie onderwysers kon nie deur die medium van Hollands onderrig nie en was volgens Mansvelt nie goed opgelei nie. Mansvelt was ook van mening dat hierdie onderwysers die jeug in die Z.A.R. negatief teenoor hulle eie taal sou maak, omdat hulle nie die selfde taalsentiment deel nie. Om die probleem op te los, is 'n groot aantal onderwysers uit Holland ingevoer. Teen 1898 het die Hollanders ongeveer 39% van die onderwysers in die Z.A.R. uitgemaak (Zietsman 1992:13-14). Die regering was bekommerd dat Engels 'n bedreiging vir nasionale integriteit kon inhou, derhalwe is die taalregulasies strenger gemaak. Artikel 1037 van 1898 het gespesifiseer dat die minimum tyd wat Hollands as voertaal in skole gebruik mag word, die volgende moes wees: Een uur per dag in standerds een en twee; 1½ uur per dag in standerd drie; twee uur per dag in standerd vier; drie ure in standerd vyf en twee derdes van die skooltyd in standerd ses en hoër (Malherbe 1925:289). 'n Groot stryd het egter in eie geleedere om die Mansvelt-stelsel losgebars. Daar is gevoel dat hierdie beleid op verhollandsing afstuur. Voorts is die beperkings op die onderrig van Engels aangeval. Daar is gevoel dat Engels alreeds die taal in die sakewêreld en mynwese was. Dit was dus vir die Afrikaanse jeug belangrik om Engels aan te leer, om hulself teenoor hul landgenote te kon handhaaf. Die Kruger-regering wou nie kopgee nie (Zietsman 1992:13-15).

3.3.2 Swart skole (tot 1910)

Swart onderwys in die Z.A.R. het begin met die filantropiese belangstelling van die sendelinge. Sendinggenootskappe het alreeds in 1842 begin bedrywig raak. President Kruger het 'n gedeelte van sy plaas aan 'n sendinggenootskap geskenk. Teen 1881 was daar al 61

sendingsstasies in Transvaal (Behr 1963:439). Baie min van hierdie vroeë sendingskole het formele onderrig verskaf. Eers na die eerste Britse besetting het die Transvaalse regering subsidies aan die sendingskole betaal. Hierdie subsidies het die groei van die sendingskole gestimuleer. John Darragh, 'n Anglikaanse sendeling, het in 1890 vyf skole in Johannesburg gestig. In 1891 het hy 'n skool vir arm Blanke kinders (Hollands en Engels) gestig. Darragh se besluit om ook Nie-Blanke kinders daar toe te laat, het daartoe gelei dat hy alle subsidies van die Onderwysdepartement van die Z.A.R. verloor het, omdat die regering van die Z.A.R. gekant was teen gemengde skole. Swart onderwys het eers in 1904 onder die toesig van die Transvaalse Onderwysdepartement geval, maar is steeds deur die sendelinge beheer. Wetgewing is in 1907 gepromulgeer wat die regering bemaagtig het om skole vir Swart leerders tot stand te bring (Leonie 1965:77-78). Die eerste skool is in die Klipspruit Lokasie naby Johannesburg opgerig. 'n Spesiale leerplan vir Swart skole is in werking gestel, wat behalwe elementêre skoolvakke ook voorsiening gemaak het vir die praat, lees en skryf van Engels (Horrell 1963:23-24). In 1909 is alle Swart skole onder die toesig van inspekteurs van Blanke onderwys geplaas. Die leerplanne was soortgelyk aan dié van die Blanke skole. Uit inspekteursverslae blyk dit dat min vordering onder hierdie tipe leerplan gemaak is (Leonie 1965:78). Teen 1910 was daar ongeveer 220 skole in die Transvaal – die meeste baie klein (Horrell 1963:24).

3.4 Onderwys in die Vrystaat

3.4.1 Blanke skole (tot 1899)

Gedurende die tydperk tussen 1836 tot 1854 het die Voortrekkers hulle in hierdie gebied kom vestig. Daar is gedurende hierdie tyd nie veel aandag aan georganiseerde onderwys geskenk nie. Die kulturele verval het sir Harry Smith na die Eerste Britse besetting gemotiveer om in 1845 skole in Bloemfontein, Winburg en Smithfield te stig (Behr 1978:17). Na onafhanklikheidswording in 1854, het sir George Grey (die destydse Goewerneur aan die Kaap) namens die Britse regering geld beskikbaar gestel om 'n skool in Bloemfontein te stig. Dit is interessant om daarop te let dat baie van die ouers gekant was teen Hollands as voertaal in hierdie inrigting. Ouers was van mening dat dit beter sou wees om hul kinders deur medium van Engels te laat onderrig, omdat Engels so 'n oorheersende rol in die handelswêreld gespeel het. 'n Ordonnansie wat in 1863 by die Volksraad ingedien is, het voorsiening gemaak vir die

regulering van staatskole op dorpe. Die regulasies het onder andere die beginsel van moedertaalonderrig onderskryf. Omdat die Volksraad die beginsel van tweetaligheid wou bevorder, is die studie van Engels aangemoedig. Die meerderheid van die Bloemfonteinse bevolking was Engelssprekend en het met die steun van Engelse kerkgenootskappe hul eie skole opgerig. Die voertaal van hierdie skole was Engels. Eers in 1872 het die Vrystaatse regering verantwoordelikheid vir onderwys aanvaar (Van Schoor 1963:142-143).

Ds. John Brebner is in 1874 as die Inspekteur-generaal van Onderwys aangestel. Hy het die geboue en skoolbywoning in al die distrikte behalwe Bloemfontein, onaanvaarbaar gevind. Hy was ook ontevrede met die medium van onderrig (Behr 1978:17-18). Brebner was nie 'n oortuigde voorstander van Hollands as enigste voertaal in skole nie. Hy was van mening dat behalwe die twee amptelike taalvakke Hollands en Engels, die ander vakke in enige van die twee tale onderrig kon word. Die meeste van die vakke is gevolglik deur medium van Engels onderrig (Van Schoor 1963:151). Ouers het hulle egter algaande teen hierdie denkrigting begin verset. In 1889 het die Volksraad bepaal dat Hollands die voertaal in alle staatskole moes wees en dat Engels as vak opsioneel was. Omdat hierdie bepalings nie streng toegepas is nie, is daar in 1891 besluit dat Hollands die voertaal in plattelandse staatskole sou wees. In dorpskole was die keuse van voertaal tot standerd twee, die ouers se besluit. Na standerd twee moes ten minste die helfte van die vakke deur medium van Hollands onderrig word. Daar bestaan verskeie redes waarom die onderrig van Hollands verwaarloos is. Talle van die onderwysers was van Britse afkoms en hulle was nie in staat om deur medium van Hollands te onderrig nie. Voorts was die beskikbare handboeke net in Engels. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die Hollands wat op skool onderrig is, ver verwyderd was van die spreektaal van die leerders (Behr 1978:18).

Op hierdie stadium was daar baie kinders wat op afgeleë plase gewoon het, vir wie skoolopleiding problematies was. Om hierdie kinders te help, is 'n onderwyser deur die staat aangestel wat vir 'n tydperk van ses maande tot 'n jaar op die plaas kom woon het. Die kinders van omliggende plase het dan ook vir daardie tydperk op die plaas huisvesting en onderrig ontvang. Die onderwys was uit die aard van die saak baie elementêr. Brebner is in 1891 as Superintendent van Onderwys aangestel. Aangepaste wetgewing in 1897 het skoolbywoning vanaf die ouderdomme tien tot sestien verpligtend gemaak. Die Volksraad het voorts ook geld

bewillig om die nuwe onderwysstelsel op die been te bring. Onder Brebner se leiding, het die leerlingetalle aansienlik gegroei (Behr 1978:17-18). Sekondêre onderwys het baie stadig gevorder en teen 1898 was daar nog net twee hoërskole in Bloemfontein (Behr 1978:19). Brebner se strewe om ongeletterdheid te bekamp, het die onderwysstelsel grotendeels in sy doel laat slaag (Van Schoor 1963:161). Sy taalbeleid van neutraliteit het egter met die draai van die eeu meer en meer weerstand ondervind (Behr 1978:18).

3.4.2 Swart skole (tot 1910)

Die eerste sendingskool in die Vrystaat, is in 1823 deur Landdros Andries Stockenström en ds. A. Faure in 1823 in Philippolis gestig. Gedurende die volgende twee dekades is 'n paar ander sendingskole ook tot stand gebring (Nel 1942:80). Die nuwe Republiek van die Oranje-Vrystaat wat op 11 Maart 1854 ingehuldig is, was nie finansieel in staat om veel te doen vir Swart onderwys nie. Die finansiering en beheer is aan die sendinggenootskappe oorgelaat. Inspekteursverslae toon aan dat die leerplan vir Swart skole, vakke soos godsdiensonderrig, Engels, Hollands en Afrikatale ingesluit het (Leonie 1965:79). Ds. John Brebner het na sy aanstelling as Inspekteur van Swart Onderwys in 1872, pogings aangewend om die onderwys te verbeter. Deur sy pogings is subsidies aan sommige sendingskole toegestaan. Hierdie subsidies is egter in 1882 gestaak (Horrell 1963:25). Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 12 Oktober 1899, het alle Swart onderwys tot stilstand gebring. Hierdie toedrag van sake het voortgeduur tot en met die ondertekening van die vredesverdrag op 31 Mei 1902. 'n Ordonnansie van 1903 het voorsiening gemaak vir die stigting van Swart staatskole en die finansiering van sendingskole. Die meeste verantwoordelikhede is egter nog in die hande van die kerke gelaat. Teen 1910 was daar nog net een staatskool vir Swart kinders in werking. Die leerplan wat gevolg is, was soortgelyk aan dié van die Blanke skole. Daar is geglo dat hierdie leerplan die Swart kinders sou help om die kultuur van die Blanke aan te neem (Leonie 1965:81). Op hierdie stadium was die ontwikkeling van Swart onderwys in die Vrystaat nog ver agter dié van die ander provinsies (Horrell 1963:26).

3.5 Onderwys in Natal

3.5.1 Blanke Skole (tot 1899)

Gedurende 1837-1838 het 'n groep Voortrekkers onder leiding van Piet Retief en Karel Landman hulle in Natal begin vestig (Behr 1978:7). Alle onderwys was godsdiensstig van aard.

Die doel was om lidmaatskap van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te verwerf. Die hoofinhoud van die onderwys het bestaan uit godsdiens, lees en skryf. Hierdie onderwys het in die moedertaal plaasgevind (Buys 1963:222). Natal is in 1845 geannekseer. Gedurende die eerste vyf jaar van anneksasie, was die onderwys in 'n hopelose situasie. Op 25 Junie is 'n kommissie benoem wat die skoolsituasie moes ondersoek. Een van die aanbevelings van hierdie kommissie was dat Engels die voertaal in die skole moes wees. Hollands sou slegs as vak onderrig word, indien die ouers daarvoor sou vra. Dit was die begin van die verengelsingproses, omdat daar nie 'n gelykwaardige plek aan Hollands as moedertaal voertaal toegeken is nie (Buys 1963:228). In 1859 is die eerste Superintendent van Onderwys, mnr. R.J. Mann aangestel. Rondgaande skole moes die onderwysnood op die platteland tussen die Hollandse koloniste help verlig. Mann het bepaal dat die onderwysers wat hier werksaam was, lede van die Nederduits-Gereformeerde Kerk moes wees. Hulle moes ook vaardig in Hollands en Engels wees. Alle onderwysers was ook verplig om Engels te doseer (Behr 1978:8). Indien hierdie skole nie Engels doseer het nie, sou hulle geen staats hulp ontvang nie (Buys 1963:230).

Gedurende 1859 tot 1877 is begin met die oprigting van kosskole in die platteland. Ten spyte van die ouers se versoeke dat hierdie skole se voertaal Hollands moes wees, is daar voortgegaan met Engels as voertaal (Buys 1963:234). Wet no. 15 van 1877 het voorsiening gemaak vir primêre-, of elementêre onderwys in Natal, terwyl Wet no. 16 van 1877 voorsiening gemaak het vir hoër onderwys. Hierdie wet was 'n mylpaal vir onderwys in Natal. Geen voorsiening is egter in hierdie leerplan gemaak vir die onderrig van Hollands nie (Behr 1978:10). Die Boere op Greytown het 'n versoekskrif gerig dat Hollands in die skool onderrig moes word en dat 'n Hollandse hoof aangestel moes word. In 1883 is die instelling van Hollandse klasse in Greytown sowel as Ladysmith toegestaan. In 1883 het Zoeloe op versoek ook deel van die leerplan geword. Hollands het geleidelik meer erkenning begin geniet. Daar is besluit dat Hollands wel in primêre staatskole onderrig kon word, indien daar ten minste ses leerlinge was wat die vak wou neem. Dit moes voorts ook uitvoerbaar wees vir die Raad. Wysigings is aan die onderwyswette van 1877 aangebring. 'n Voorstel dat Hollands in alle staatskole onderrig moes word, is in 1888 by die parlement ingedien. In 1890 is die eerste twee

Hollandse onderwysers in Natal aangestel en is Engelse leesboeke deur Hollandse- en Duitse boeke vir standerds vier tot ses vervang (Buys 1963:244).

Ten spyte van hierdie toegewings ten opsigte van Hollands, moes die leerlinge nog altyd vaardig wees in Engels. Om vir toelating tot 'n hoërskool te kwalifiseer (1884-1893), moes leerders voldoen aan die vereistes van die “English Educational Code”. Die eksamen het nie net die leerder se vermoë om rekenkundige berekeninge te maak, getoets nie, maar ook sy vermoë om Engels te lees en te skryf. In die hoërskole is die onderrig van Hollands verwaarloos. Robert Russel wat op hierdie stadium die Superintendent van Onderwys was, het geen entoesiasme vir Hollands getoon nie. Hy het in 1888 aan die Wetgewende Raad gesê die Hollandse boere “... [were] taking generally to the English tongue as well as to English ways and evinced no desire to know the language of their fathers as it is written” (Behr 1978:10). Vanaf 1878 tot 1893 is 'n doelgerigte beleid van verengelsing en denasionalisering in die skole gevolg. Omstreeks 1890 het die Afrikaanssprekendes daadwerklike verzet begin toon, waarna die situasie verbeter het (Buys 1963:245).

3.5.2 Swart skole (1835-1910)

Swart onderwys in Natal het in aanvang geneem met die aankoms van Kaptein Allan Gardiner in 1835. Die Voortrekker Raad het in 1839 toestemming verleen dat nog sendingstasies tot stand gebring kon word. Die Amerikaanse sendelinge was die eerste om leesboeke in die Zoeloetaal uit te gee. Vanaf 1856 is subsidies aan die sendingskole gegee. Ordonnansie no. 2 wat in 1856 deur die regering van Natal gepromulgeer is, het bepaal dat alle ambagsvakke en godsdienste deur medium van Engels onderrig moes word (Leonie 1965:72). 'n Gekose komitee wat deur die Wetgewende Raad aangewys is, het verslag gedoen dat die Swart leerders 'n Engelse opvoeding moes ontvang. In 1884 is die leerplan vir Swart skole hersien, om die inhoud van die leerplan anders te maak as dié van Blanke skole. Lees en skryf, sowel as ander lewensvaardighede moes in Zoeloe onderrig word. In 1887 is daar egter teruggekeer na die leerplan wat deur Blanke skole gebruik is. Die Swart onderwysstelsel wat tot 1910 in Natal ontwikkel is, was baie beter as dié van die Transvaal of dié van die Oranje-Vrystaat (Behr 1963:438).

3.6 Vanaf die Tweede Anglo-Boereoorlog tot Uniewording

Die Tweede Anglo-Boereoorlog het in Oktober 1899 uitgebreek. Jong seuns van vyftien is opgeroep om te gaan veg en skole is gesluit. Die Onderwysdepartement in die Transvaal het nie meer gefunksioneer nie en alle onderwys het tot stilstand gekom. Gedurende die oorlog is die Boere alle taalregte in die besette gebiede ontnem. Pogings is aangewend om die situasie te probeer beredder. Die Boere self het met finansiële ondersteuning van Holland, skole in nie-oorlogsgeteisterde gebiede geopen. Ten spyte van verskeie petisies, het hierdie skole nooit enige subsidies van die Regering ontvang nie. Hierdie skole het later die nukleus van die CNO (Christelik Nasionale Onderwys) gevorm. Die Vrystaat het die Transvaal militêr begin ondersteun. Vroue en kinders is op verskeie plekke in konsentrasiekampe geplaas (Malherbe 1925:297-323). Mnr. E.B. Sargent is deur lord Milner as waarnemende Direkteur van Onderwys vir die Transvaal en die Vrystaat benoem (Nienaber 1967:38-39). Sargent het bevind dat daar nie veel deur die militêre owerhede vir onderwys in die Transvaal gedoen word nie. Die gevangenes het self 'n skool in Groenpuntkamp gestig. Sargent was beïndruk deur die kinders se gretigheid om Engels te leer, derhalwe het hy 'n kampskool te Norvalspont, waar daar 'n groot konsentrasiekamp vir Boerevlugtelinge was, opgerig. Reeds in die konsentrasiekampskole het die verengelsing van die onderwys in die Transvaal en Vrystaat begin. Die enigste vak wat deur medium van Hollands onderrig is, was Godsdien. Alle ander vakke is deur medium van Engels onderrig (Behr 1978:14). Opvoedkundige instansies het aangevoer dat dubbeltalige onderwys onoorkombare nadele vir die Hollandssprekende kind gehad het. Die gedagte hier agter was dat Engels geleidelik die ander tale moes verdring. Die *Transvaal Women's Educational Union* het byvoorbeeld onder andere gesê:

It is of considerable importance, politically, that the use of any language but English should die out in the Transvaal; it is also of political importance that it should die out without friction (Zietsman 1992:26-27).

Daar was egter nie genoeg geskikte Engelssprekende onderwysers vir hierdie doel nie, dus het Sargent ongeveer 200 onderwysers uit Engeland ingevoer. Sargent het in 1901 onder andere aan Milner geskryf:

We must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come out and complete that part of work which their male relatives are unable to accomplish. Our military policy has gathered the greater

part of the child population into these camps and ... I feel that the opportunity during the next year of getting them to speak English is golden (Zietsman 1992:33).

Sargent se beroep het 'n ongelooflike reaksie tot gevolg gehad. Daar is 3,400 aansoeke ontvang vir die 100 onderwyseresse wat aangevra is (Zietsman 1992:33).

Met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 het die twee Boererepublieke hul onafhanklikheid verloor en Engelse kolonies geword (Buys 1963:297).

Artikel 6 (Ordonnansie no. 7 van 1903) het bepaal:

Any scholar shall at the request of his parent or guardian receive instruction in the Dutch language for 3 hours a week. The instruction under this section may be additional to instruction in Bible history and Religious instruction given in the Dutch language (if desired), under the provision of the last preceding section [which made Religious instruction optional], provided that the total time devoted to instruction given in the Dutch language, under this section and the last preceding shall not exceed 5 hours per week (Malherbe 1925:317).

Vir die res van die vakke was die medium van onderrig Engels. Dit was egter gou duidelik dat die ingevoerde eentalig onderwysers wat deur Milner ingevoer is, moeilik aan hierdie bepaling sou kon voldoen (Nienaber 1967:37). Die nuwe skoolstelsel is ontwerp om die Boere te verengels en te denasionaliseer. Taal het egter nou die simbool van groeiende nasionale bewussyn onder die Afrikaners geword. Die slagspreuk van President M.T. Steyn van die Oranje-Vrystaat dat die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde, die taal van slawe is, het vinnig byval gevind. Die Christelike Nasionale Onderwysbeweging het begin herleef en 'n aantal privaatskole is deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk gestig (Behr 1978:16). In hierdie skole was Hollands die voertaal. Naas Hollands, is landsgeskiedenis en godsdiens onderrig. Finansiële ondersteuning is uit Nederland ontvang om hierdie skole te ondersteun. Die ouers was baie verarm na die oorlog en versoë om finansiële hulp is aan die regering gerig. In die Vrystaat het die taalreëling bepaal:

English shall be the medium of instruction in schools, but the time devoted to the teaching of English and Dutch shall be the same (Nienaber 1967:40).

Milner is in April 1905 deur lord Selborne opgevolg. Selborne was ten gunste van moedertaalonderrig, maar was van mening dat die tweede taal ook onderrig moes word (Coetzee 1963:298). Selborne het beweer dat die Engelse taal so belangrik vir die Hollandse kinders was, dat Engels die medium van onderrig in elke vak moes word, sodra die kinders die taal begin verstaan het. Indien die kind nie verstaan het nie, kon die onderwyser in Hollands

verduidelik. Dit moes egter slegs in uitsonderlike gevalle plaasvind. Selborne was ook van mening dat Hollands deeglik in alle regeringskole onderrig moes word aan die kinders wie se ouers dit verlang. 'n Kennis van Engels soos voorgeskryf vir elke standerd, was 'n voorwaarde vir bevordering na 'n hoër standerd. Vir die duisende kinders in die landelike distrikte wat nooit 'n woord Engels buite die skool gehoor het nie, was hierdie regulasie 'n groot struikelblok (Malherbe 1925:329-330).

Op 6 Desember 1907 het die Transvaal selfbestuur ontvang. Generaal J.C. Smuts is as Minister van Onderwys benoem. Een van die eerste stappe was die promulgering van 'n nuwe Onderwyswet (no. 25 van 1907) (Behr 1978:16). Jan Smuts het met die toeligting van die wetsontwerp op 25 Junie 1907 verwys na die vetes en die verdeeldheid wat die taalvraagstuk in die onderwys veroorsaak het. Een van die grondbeginsels in die nuwe onderwysbedeling, sou die gelykheid van tale insluit. Daarmee is eerstens die gelykheid van Engels en Hollands bedoel. Dit was egter ook moontlik vir kinders van ander nasionaliteite om aanvangsonderrig in hul moedertaal te ontvang (Zietsman 1992:181). Ten spyte van Smuts se beginsel van gelykheid van tale, is Hollands en Engels nooit op gelyke voet geplaas nie (Behr 1978:16). Die voertaal in die laer klasse sou ook die moedertaal wees. Engels as tweede taal sou geleidelik ingevoer word. 'n Kennis van en vordering in Engels, was een van die voorwaardes vir vordering op skool. Hollands sou aan alle kinders onderrig word, tensy die ouers anders verlang. Na standerd drie mag Hollands as voertaal in nie meer as twee vakke gebruik word nie, terwyl Engels voortaan verpligtend sou wees (Coetzee 1963:301). Elke kind *kon* dus Holland leer as hy wou, maar elke kind *moes* Engels leer. Eers in 1912 het die regering daarin geslaag om 'n maatreël in plek te stel wat aan Hollands en Engels gelyke status gegee het (Malherbe 1925:341).

In Junie 1907 het die Oranje-Vrystaat selfregerend geword en is Generaal J.B.M. Hertzog as Minister van Onderwys aangestel. Hertzog het dadelik 'n nuwe onderwyswet laat opstel en aanneem. Die taalklousules het 'n groot deel van die wet beslaan en is so ontwerp omtrent Hollands en Engels gelyke regte te gee. Behalwe in bepaalde en uitsonderlike gevalle, moes elke kind tot en met standerd vier in sy moedertaal onderrig word. Die tweede taal moes geleidelik ingevoer word om die leerlinge aan die taal bekend te stel. Tot standerd vier was die onderrig in die tweede taal opsioneel. Vanaf standerd vier moes elke leerling ook onderrig in

Hollands en Engels as vak ontvang. Vanaf standerd vyf moes drie van die hoofvakke deur medium van Hollands en drie deur medium van Engels onderrig word (Van Schoor 1963:170-172). Hierdie wetgewing het groot verset onder die eentalig-Engelse onderwysers en Engelse ouers uitgelok (Nienaber 1967:54). Daar was ook 'n groepie Afrikaners wat nie baie tevrede was met hierdie wetgewing nie, omdat hulle verkies het om hulle kinders in Engels te laat onderrig (Van Schoor 1963:172). Drie skoolinspekteurs is summier afgedank, omdat hulle klaarblyklik die wet doelbewus verkeerd geïnterpreteer het. Die groot taalgeskil het in 1910 gelei tot die bedanking van mnr. Hugh Grant (Direkteur van Onderwys). Hy is in Junie van dieselfde jaar opgevolg deur dr. W.J. Viljoen wat Professor van Moderne Tale aan die Victoria College in Stellenbosch was. Om die taalgeskil op te los, is 'n nuwe wetgewing ingevoer. Wet 13 van 1910 het vir die volgende voorsiening gemaak:

- i) Moedertaalonderrig tot en met standerd vier.
- ii) Vanaf standerd vyf tot matriek moet drie hoofvakke deur medium van òf Hollands òf Engels onderrig word.
- iii) Tot en met standerd vier moet informele onderrig plaasvind in die taal wat nie die voertaal is nie.
- iv) Na standerd vier moet formele onderrig in beide tale plaasvind.

Met hierdie wetgewing is die taalsituasie in die Vrystaatse skole in ooreenstemming gebring met dié van die ander provinsies (Malherbe 1925:386-378).

3.7 Taal en Onderwys in die Unie

3.7.1 Taalreëlings

Op 31 Mei 1910 is die vier Britse kolonies in Suid-Afrika verenig om die Unie van Suid-Afrika tot stand te bring. Alle wetgewing van 'n provinsie het die goedkeuring van die Unie-owerheid vereis. Die taalreëling in die verskillende provinsies was van die allergrootste belang. Volgens artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet het Hollands en Engels nou gelyke regte en voorregte geniet, omdat hulle die twee amptelike tale van die Unie was (Coetzee 1963:306-307). Om taalgelykheid in skole in terme van artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet teweeg te bring, is 'n komitee aangestel om riglyne aan die verskillende provinsies te verskaf ten opsigte van voertaal in skole. Na die verslag van die komitee, is die verskillende provinsies gedwing om hulle onderwysordonnansies te wysig. Ordonnansie no. 2 van 1912 het kortliks die volgende bepaal:

- i) Die medium van onderrig in alle openbare skole tot en met standerd vier, moet die huistaal van die kind wees.

- ii) Die tweede taal moet geleidelik ingevoer word en gereeld gebruik word as tweede medium van onderrig, indien die ouers nie beswaar maak nie.
- iii) Waar daar twyfel bestaan oor die huistaal, het die ouers die vryheid van keuse.

Voorsiening is ook gemaak vir minderheidsgroepe. Hulle kon in parallelle klasse onderrig word deur onderwysers wat gelyktydig deur middel van beide taalmedia kon onderrig. Na standerd vier kon die tweede taal as medium van onderrig ingevoer word in soveel vakke as wenslik. Beide amptelike tale moes van die begin van die kind se skoolloopbaan af, onderrig word (Behr 1978:23).

3.7.2 Kaapprovinsie

In die Kaapprovinsie het die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie, no. 11 van 1912, bepaal watter onderwysmedium gevolg moes word. Hierdie ordonnansie het onder andere bepaal dat die huistaal die medium van onderwys tot standerd vier moes wees, mits die ander offisiële taal langsamerhand ingevoer kon word. Hierdie taal moes daarna gereeld as tweede medium van onderwys gebruik word. Hierdie hoofbeginsel is in die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1921 herhaal. In 1925 is die beperking vanaf standerd vier tot standerd ses verhoog. Dit was egter nie maklik om ten volle aan hierdie bepaling uitvoering te gee nie. Een van die redes hiervoor was dat daar byvoorbeeld nie genoeg gekwalifiseerde onderwysers was nie. Die departement was ook nie altyd by magte om die wet toe te pas nie. Die probleme het mettertyd verminder, deurdat daar met verskillende interpretasies uitvoering aan die wet gegee is. In gevalle waar die leerlinge se huistaal òf Engels òf Afrikaans was, was dit nie 'n probleem nie. By skole waar kinders van albei tale die skole bygewoon het, was dit meer problematies. Om die probleem op te los, is leerders van die twee verskillende moedertale in aparte seksies onderrig – “parallelklas” metode. 'n Ander moontlikheid was om die leerders in dieselfde klas te plaas waar hulle deur 'n tweetalige onderwyser onderrig is – “parallelonderwys”. Waar moontlik, was die beleid om die leerders in enkelmedium skole te sentraliseer (Du Toit 1963:94).

Om 'n hoër mate van tweetaligheid te bevorder, is daar in April 1944 besluit dat daar ook in die tweede landstaal geslaag moes word, om die eksamen in die geheel te slaag. Hierdie bepaling het vanaf 1946 by die standerd ses eksamen; vanaf 1947 by die standerd sewe eksamen; vanaf 1948 by die Junior Sertifikaat Eksamen; vanaf 1949 by die standerd nege

eksamen en vanaf 1950 by die Senior Sertifikaat Eksamen gegeld. Vrystelling is slegs by hoë uitsondering toegestaan (Van Schoor 1963:117).

3.7.3 Transvaal

As gevolg van artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet, moes die Smutswet van 1907 verander word. Ordonnansie no. 5 van 1911 wat op 1 Junie 1912 in werking getree het, het aan hierdie verandering uitvoering gegee. Die nuwe ordonnansie het kortliks die volgende bepaal:

- i) Die huistaal sal die verpligte voertaal van die aanvangsonderwys op skool wees.
- ii) Die ander taal kon as voertaal ingevoer word, sou die ouers dit verlang.
- iii) Die tweede voertaal kon vanaf standerd vyf ingevoer word.
- iv) Onderrig in die huistaal is verpligtend en onderrig in die tweede taal sal gegee word, tensy die ouers beswaar aanteken.
- v) Na standerd vyf kan die ouers die voertaal kies (Engels òf Hollands, òf beide).
- vi) Indien beide tale as voertaal gekies word, sal die skoolraad besluit watter voertaal in watter vakke gebruik word (Coetzee 1963:308).

In 1918 het 'n belangrike wysiging ingetree. Afrikaans het Hollands nou as voertaal in die skole begin vervang. Die voertaal vraagstuk het egter steeds probleme bly oplewer. Talle Afrikaanse ouers het Engels as huistaal opgegee, om hulle kinders in Engelse skole te kry. Die ouers was van mening dat dit hul kinders 'n beter kans gegee het vir werksplasing. Om hierdie probleem te oorkom, het die volgende regulasies per omsendbrief no. 89 van 1932 van krag geword (Coetzee 1963:318-319):

Wanneer die kind vir die eerste keer by die skool toegelaat word, sal die skoolhoof, in oorleg met die klasonderwyser, mondeling of skriftelik, vasstel watter taal die kind die beste verstaan en die maklikste gebruik. Hierdie taal sal as die huistaal beskou word. As daar enige twyfel bestaan, sal die inspekteur beslis watter taal as die huistaal beskou moet word. Indien die inspekteur nie kan nie, sal die ouerverklaring finaal wees.

Ordonnansie no. 17 van 1934, het die ouerverklaring uitgeskakel. Volgens hierdie ordonnansie is die taal wat die kind die beste verstaan, as die huistaal beskou. Die finale beslissing sou deur die skoolhoof, onderwyser en inspekteur geneem word (Coetzee 1963:318-319). In 1937 het die Transvaalse Provinsiale Raad 'n kommissie onder voorsitterskap van Ds. William Nicol aangestel. Die kommissie moes ondersoek instel en verslag lewer oor die onderwyssituasie in die provinsie, asook die voertaal in skole. Die meerderheid van die kommissielede was ten gunste van parallel- of dubbelmedium onderrig. 'n Verslag wat die minderheid se siening weerspieël, is in 1939 gepubliseer. In hierdie verslag is daar aanbeveel dat aparte skole vir die twee amptelike tale ingestel moes word. Hierdie

kommissie was van mening dat dit vir die leerder opvoedkundig en sielkundig wenslik is om in sy moedertaal onderrig te word. Daar het ook 'n vrees bestaan dat wanneer die twee verskillende taalgroepe in een skool onderrig word, die een kultuur deur die ander verswelg kon word. Hierdie siening het later die amptelike regeringsbeleid geword en is progressief geïmplementeer toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. In 1945 is nuwe wetgewing ten opsigte van taalmedium in die Transvaal aanvaar. Taalordonnansie no. 5 van 1945 het op 1 Januarie 1946 van krag geword. Die beleid was nou soos volg:

- i) Alle leerlinge is verplig om albei tale aan te leer.
- ii) Albei tale is verpligte eksamenvakke.
- iii) Die tweede taal moet vanaf standerd ses en hoër as voertaal ingevoer word, sodat albei tale in 1951 gelyke voertale sal wees.
- iv) Die Direkteur van Onderwys bepaal die vakke vir die tweedetaal medium.
- v) Hierdie bepalings is van toepassing op openbare, sowel as privaat skole.

Die doel van hierdie ordonnansie was om dubbelmedium onderrig in 'n tweetalige land te bevorder. Die ordonnansie het geweldige teenkanting uitgelok, omdat die ouers gevoel het dit maak inbreuk op hul reg van keuse. Privaat skole het verontreg gevoel dat hierdie taalbepalings ook op hulle afgedwing word (Behr 1978:24-25).

3.7.4 Vrystaat

Die Vrystaatse Provinsiale Raad het ordonnansie no. 2 van 1912 aanvaar. Die ordonnansie het nie veel verskil van die Hertzogwet van 1908 nie. Die taalvraagstuk in die Vrystaat was minder ingewikkeld. Die redes hiervoor, was eerstens die homogene aard van die bevolking. Tweedens het die provinsie sedert die aanname van ordonnansie no. 2 van 1912, die beleid van moedertaalonderwys konsekwent toegepas (Van Schoor 1963:193). Met ordonnansie no. 9 van 1920, het Afrikaans Hollands finaal op skool vervang. In 1921 het die onderwyskommissie aanbeveel dat die moedertaal as medium van onderrig vir alle vakke behalwe die tweede taal, op skool gebruik moes word. Daar is voorts ook aanbeveel dat informele onderrig van die tweede taal, vanaf die kind se tweede skooljaar ingevoer moes word. Formele onderrig van die tweede taal, moes vanaf standerd twee begin (Van Schoor 1963:178). Ordonnansie no. 15 van 1930 het verpligte moedertaalonderwys tot standerd ses verhoog. Vanaf standerd vyf kon die ouers kies tussen Engels of Afrikaans as voertaal, òf albei. Dienooreenkomstig is vir enkele, parallel- en dubbelmedium skole voorsiening gemaak. Ordonnansie no. 16 van 1954 het bepaal dat die huistaal die voertaal tot en met standerd agt moes wees. Onderrig deur middel van albei

tale sou geskied deur middel van enkelmedium skole, waarin die amptelike tale die enigste voertaal was. Waar die getalle dit regverdig het, sou daar vir parallelmedium skole voorsiening gemaak word. Hierdie taalordonnansie het 'n einde aan alle dubbelmedium skole gemaak. Ordonnansie no. 16 van 1954 het voorts bepaal dat elke leerling ook in die tweede amptelike taal onderrig moes word. Die regulasies van die Junior sertifikaat- en die skoleindsertifikaat van die Oranje-Vrystaat, het dan ook bepaal dat kandidate albei amptelike tale vir die eksamen moes aanbied en slaag (Van Schoor 1963:194).

3.7.5 Natal

Natal se taalbeleid was nie heeltemal in ooreenstemming met dié van die ander provinsies nie. Die Natal Taalordonnansie van 1916 het voorsiening gemaak vir die onderrig van beide tale as vakke. Die ouers het egter die reg van keuse van medium van onderrig vir hulle kinders in alle klasse of standers in enige openbare skool, behou (Behr 1978:24). As gevolg van die 1916 ordonnansie, het daar 'n tekort aan onderwysers ontstaan wat Hollands kon onderrig. Om die tekort te verlig, is Hollandse onderwysers ingevoer. In 1923 is Afrikaans in die Natalse skole ingevoer. Dit het later gelei tot die ontstaan van Afrikaansmedium skole in Natal. In kleiner dorpe is parallelmedium skole of dubbelmedium skole gestig (Buys 1963:253-254). Die Gekonsolideerde Onderwys Ordonnansie van 1942 van die Natalse Provinsiale Raad, het die reg van die ouers herstel om te besluit wat die voertaal in die skole moes wees. Die studie van beide amptelike tale vanaf standerd een, was verpligtend. Die leerlinge was voorts ook verplig om in een ander vak vanaf standerd twee, deur medium van die tweede taal onderrig te word. Die doel van hierdie wetgewing was om goeter tweetaligheid in Natal te bevorder. Die konsep van aparte medium skole het die amptelike regeringsbeleid geword toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het (Behr 1978:25).

3.8 Die Nasionale Onderwysbeleid van 1967

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (no. 39 van 1967) wat op 22 Maart 1967 gepromulgeer is, het op 1 Januarie 1968 in werking getree. Hierdie wet is as die *Magna Carta* van Onderwys in Suid-Afrika beskryf. Alhoewel verskeie wysigings later aangebring is, is die hoofbeginsels van die wet nie verander nie. Tien hoofbeginsels is bepaal wat die raamwerk sou vorm van Onderwys in Suid-Afrika. Alle Blanke provinsiale skole moes binne die raamwerk van hierdie

hoofbeginsels funksioneer (Behr 1978:41). Een van die tien hoofbeginsels het die taalbeleid bepaal. Artikel 2 van genoemde wet bepaal:

c) The mother tongue, if it is English or Afrikaans, shall be the medium of instruction, with gradual equitable adjustment to this principle of any existing practice at variance therewith.

Vir die eerste keer in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika is daar in spesifieke terme voorgeskryf wat die karakter/aard van die onderwys in skole in die verskillende provinsies moes wees. Natal is veral hierdeur geraak, omdat die Natalse Onderwysdepartement die tradisie gehad het dat die ouers die reg het om te kies wat die voertaal in die skole moet wees. Engelssprekende ouers in Natal is die reg ontnem om hul kinders na Afrikaansmedium skole te stuur om hulle vaardiger in Afrikaans te maak. (Talle Engelssprekende ouers het hul kinders na Afrikaansmedium Universiteite gestuur.) Op 16 Mei 1969 het die Minister van Onderwys 'n proklamasie uitgevaardig wat voorgeskryf het wat die voertaal in die regerings- en die regerings-gesubsideerde skole moes wees. Daar is ook voorgeskryf wanneer en hoe die voertaal van 'n leerder bepaal moes word. Leerders moes as Engels- of Afrikaanssprekend geklassifiseer word, afhangende van die hoof se besluit, nadat ondersoek oor die leerder se taalvaardigheid by skooltoelating gedoen is. Wanneer die leerder tot die skool toegelaat is, moes die voertaal eksklusief Engels of Afrikaans wees, tot en met standerd agt. Die ouer kon die keuse van voertaal in standerds nege en tien uitoefen. Dit was egter hoogs onwaarskynlik dat daar op hierdie stadium 'n verandering van voertaal sou wees, omdat dit 'n verandering van skool sou beteken. Hierdie wet het 'n einde gemaak aan parallelmedium skole. Dit was vir die regering van die allergrootste belang dat die kinders in aparte skole onderrig moes word. Hierdie skeiding het daartoe bygedra dat die kinders van die twee verskillende taalgroepe nooit op 'n natuurlike wyse mekaar se tale aangeleer het nie. Die bewaring van die Afrikaanse taal het later van sekondêre belang geword. Die ware en dominante motief was die konsolidasie van die politieke mag van die Afrikanerdom (Malherbe 1977:149-151).

3.9 Verwikkelinge in Swart onderwys (1910-1980)

Volgens die bepalings van die Zuid-Afrika Wet, is Provinsiale Rade in beheer gestel van Swart onderwys. Tot met die totstandkoming van die Unie, is daar min aandag (behalwe in Natal), aan moedertaalonderrig in Swart skole gegee (Behr 1963:453). Daar moet in gedagte gehou word dat Engels van 'n jong ouderdom af, die medium van onderrig in die

staatsondersteunde Swart skole in Natal en die Kaap was. Die onderrig van Engels is as een van die belangrikste aspekte van die onderwyser se werk beskou. Swartmense self, het Engels bo hulle moedertaal as medium van onderrig verkies. Die redes waarom Engels en nie Hollands nie, die Europese taal geword het, wat hoofsaaklik as onderrigmedium in feitlik al die Swart skole gebruik is, is die volgende:

- i) Die sendelinge wat by Swart onderwys in die twee ouer kolonies betrokke was, was hoofsaaklik Engelssprekend.
- ii) Die Nederlandse vorm van Hollands wat onderrig is, en gereeld as taalmedium in Blanke skole in die twee Republieke gebruik is, was nie die taal wat deur die Suid-Afrikaanse bevolking gepraat is nie.
- iii) Die gebruik van Afrikaans as taalmedium, het eers heelwat later aanvaarde beleid in Blanke onderwys geword (Hartshorne 1987:84-85).

In die jare na Uniewording het die situasie ten opsigte van moedertaalonderrig begin verander. Die besef het posgevat dat dit belangrik is dat die kind deur middel van sy moedertaal onderrig moet word. Daar is ook groter klem op die waarde van albei amptelike landstale gelê. Die verskillende Provinsiale Onderwysdepartemente het bepaal dat die leerder se moedertaal die voertaal in alle vakke moes wees (behalwe in die ander amptelike taal).

Die bepalings in die verskillende Onderwysdepartemente was soos volg: In Natal het moedertaalonderrig vir die eerste ses jaar van die laerskoolkursus gegeld (standerd vier). In Kaapland en die Oranje-Vrystaat was moedertaalonderrig vir die eerste vier jaar verpligtend (tot en met standerd twee). In die Transvaal is leerders slegs vir die eerste twee jaar van hul skoolloopbaan in hul moedertaal onderrig, daarna is 'n amptelike taal ingevoer. In stedelike asook sekere landelike gebiede, is Engels of Afrikaans van meet af as medium van onderrig gebruik. Die rede hiervoor, was dat die groot verskeidenheid moedertale dit feitlik onmoontlik gemaak het om deur middel van die moedertaal te onderrig. Om die probleem op te los, het 'n Interdepartementele Kommissie aanbeveel dat skole op 'n taalgroepbasis herorganiseer moes word. Waar dit nie moontlik was nie, moes skole òf as Zoeloe-Xhosa-, òf as Sotho-Tswanaskole ingedeel word (Behr 1963:453-454).

Nie almal het gevoel dat moedertaalonderrig die regte besluit is nie. Die Natalse Inspekteur van Onderwys, mnr. C.T. Loram, het byvoorbeeld geen nodigheid gesien dat Afrikatale as medium van onderrig, of selfs as vak onderrig moes word nie. In 1917 het hy die volgende geskryf:

Apart from the sentiment, there is no reason for wishing the Bantu languages to survive. They have served their purpose. They are not capable of expressing the ideas which the new European civilization has brought to this country. They are hopelessly clumsy and inadequate on the mathematical and scientific sides (Mawasha 1982:7).

‘n Inspekteur van Onderwys in die Transvaal, N.D. Achtenberg, het die teenoorgestelde standpunt gehuldig. Hy was van mening dat die gebruik van die moedertaal as medium van onderrig tot die Swart leerders se voordeel sal wees. Volgens hom sou die gebruik van Engels, veral in die laerskool, lei tot ‘n oppervlakkige kennis van die vakinhoud.

Die Swartmense het egter ook self standpunt ingeneem ten opsigte van die voertaal in die onderrig. Hulle het eerder Engels bo die moedertaal as medium van onderrig verkies. G.H. Franz, ‘n Inspekteur van Onderwys in die Transvaal, het in 1931 verslag gedoen dat die pogings om die moedertaal as medium van onderrig in te voer, groot teenkating onder ouers gevind het. Die 1935-36 Interdepartementele Komitee oor Swart Onderwys, het die Swartmense se houding oor hulle moedertaal soos volg geïnterpreteer:

The origin of this tendency is not far to seek. The official language was long and still is regarded as the key to knowledge and power, the vernacular as something already known not requiring study and worthy only of that more or less benevolent contempt which is bred of familiarity. The process of instilling sounder educational doctrines into the masses of teachers is a slow one and conservatism as always dies hard particularly in a race who, as yet, have not felt the urge of self-conscious nationalism driving them to struggle *for* rather than *against* their mother tongue (Mawasha 1982:8).

Dit was volgens Mawasha (1982:8), nie soseer ‘n stryd van die Swartmense teen hulle moedertaal soos deur die Komitee verslag gedoen is nie. Hulle het eenvoudig net Engels verkies, omdat dit vir hulle die enigste waarborg was vir wat hulle as ‘n uitmuntende onderwys beskou het. Engels het homself voorts ook as intra-nasionale, sowel as internasionale medium van kommunikasie op alle vlakke bewys – opvoedkundig, sosiaal, polities, ekonomies, ensovoorts. In ‘n situasie waar die mag in Engels (en tot ‘n mate ook Afrikaans) geleë is, was die onmiddellike waarde of nut van die moedertaal nie duidelik nie.

Die idee van die Nasionaliste dat Afrikaans die dominante taal in Suid-Afrika moet word, het ook die Swart skole geraak. Die *Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge* het onder andere in 1937 die volgende in 'n dokument gesê:

... We must see to it, in the first place, that the Native learns Afrikaans. ... If every Kaffir in South Africa spoke Afrikaans, the economic power of Afrikaans would be so strong that we should no longer need an F.A.K. to watch over our cultural interests (Malherbe 1977:73).

In 1942 het Professor B.F. Nel van die Universiteit van Pretoria 'n boek getitel *Naturelle Opvoeding* gepubliseer. In hierdie boek het hy aanbeveel dat die beginsel van moedertaalonderrig in Swart skole toegepas moet word. Voorts is aanbeveel dat Afrikaans en nie Engels nie, die tweede taal in die Swart skole moet word (Nel 1942:89-102). Kort nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is 'n kommissie vir Swart Onderwys aangestel. Die voorsitter was dr. W.W.M. Eiselen. Die Eiselen Kommissie het bevind dat daar sekere swakhede in die bestaande Swart onderwysstelsel was. Ten opsigte van taal, was die belangrikste aanbevelings die volgende:

- i) In die laer primêre skoolkursus wat oor die eerste vier jaar strek, moet alle onderrig in die moedertaal wees. Hierdie beginsel moet progressief jaar vir jaar uitgebrei word, na al agt jaar van die laerskoolkursus.
- ii) Terminologie komitees moet op die been gebring word, om handleidings vir onderwysers te produseer. Moedertaalonderrig moet nou geleidelik na die hoërskool uitgebrei word.
- iii) Die moedertaalmedium moet ook in onderwyskolleges vir skoolorganisasie en metodiek, kindersielkunde en ander vakke wat deur middel van die moedertaal onderrig word, gebruik word.
- iv) Daar moet in die tweede skooljaar begin word met die aanleer van die eerste amptelike taal as vak. (Dit moet die taal wees wat die meeste in die omgewing van die skool gebruik word.) Daar moet nie later as in die vierde skooljaar met die aanleer van die tweede amptelike taal begin word nie.
- v) Een van die amptelike tale behoort 'n verpligte vak in die hoërskool te wees. Die vereistes moet dieselfde wees as dié wat van toepassing is op die tweede taal vir Blanke leerders. Waar 'n tweede amptelike taal as opsionele vak geneem word, behoort dit dieselfde status as die derde tale (Frans en Duits) in die geval van Blanke leerders te hê.
- vi) In die onderwyskolleges moet beide amptelike tale verpligtend wees (Behr 1963:462-464).

Die meeste van hierdie aanbevelings is in die Wet op Swart Onderwys (no. 47 van 1953) geïnkorporeer. Ten opsigte van sekere aspekte van die taalbeleid het die regering nie die voorgestelde aanbevelings gevolg nie. Die rede hiervoor was om die invloed van Afrikaans in die stelsel te beskerm en uit te brei. Na die promulgering van die Swart Onderwyswet, is nuwe staatsdepartemente gestig, wat beheer oorgeneem het by die provinsies en die sendingkerke. 'n Streng nasionale taalbeleid is neergelê. Dit was duidelik dat die oogmerk hiervan was om die

invloed van Engels te verminder en om Afrikaans te bevorder. In Natal waar Afrikaans voorheen opsioneel was, is die eerste stappe gedoen om Afrikaans as skoolvak in te stel. In die Kaapprovinsie was Afrikaans verpligtend. Diensdoenende onderwysers moes binne vyf jaar bedrewe raak in Afrikaans. Binne 'n kort tydperk het Afrikaans die dominante taal in Swart onderwys geword, veral op bestuurs- en administratiewe vlakke (Hartshorne 1987:89-91).

Ontwerp-sillabusse vir die hoër primêre klasse is in Augustus 1955 geïmplementeer. Onderrig moes deur middel van die moedertaal plaasvind. Hierdie sillabusse moes in 1956, vanaf standerd drie, in werking gestel word. Daar is besluit dat totdat die moedertaal dwarsdeur die laerskool gebruik word, die een helfte van die vakke wat nie deur middel van 'n Afrikataal onderrig word nie, deur middel van Engels onderrig moes word. Die ander helfte moes deur middel van Afrikaans onderrig word. Uitsonderings sou toegestaan word, indien die onderwysers nie in staat sou wees om aan hierdie vereistes te voldoen nie. Dit sou die posisie wees tot 1959, wanneer die eerste groep leerders wat die nuwe sillabus volg, standerd ses sou bereik.

Die Instituut van Rasseverhoudings se vernaamste kritiek was egter ten opsigte van die gebruik van die moedertaal as medium van onderrig dwarsdeur die laerskool. Die standerd ses eksamenvraestelle is tot in 1958 in die twee amptelike tale en die hoof Afrikatale opgestel. Die leerders kon die vraestel in die taal van hulle keuse beantwoord. Vanaf 1959 kon slegs 'n Afrikataal in die beantwoording van die vraestelle gebruik word (Horrell 1968:59-60).

In ooreenstemming met die Cingo Kommissie, het die Transkeise Regering in 1964 besluit dat Xhosa geleidelik deur Engels of Afrikaans as medium van onderrig vervang moes word. Dit het volgens die Eerste Minister nie daarop gedui dat die mense neersien op hul moedertaal nie, of dat daar nie saamgestem word met die beginsel van moedertaalonderrig nie. Die rede vir hierdie besluit was volgens die Eerste Minister doodeenvoudig dat hul eie taal nog onontwikkeld is en nog nie die stadium bereik het, waar dit in alle opsigte gebruik kan word om Westerse idees oor te dra nie. Xhosa het nie oor die woordeskat, terminologie of die boeke beskik nie. Elke skool in die Transkei het Engels as medium van onderrig gekies (Behr 1978:177-178). Mnr. G.W. Sneesby ('n oud-inspekteur), het hom in 1961 soos volg oor die standaard van Engels in Swart skole uitgelaat:

... For many years past there has been a decline in the standard of English in Bantu schools. This decline is largely due to the fact that whereas years ago nearly all the staff of the teacher training colleges were English-speaking Europeans, today practically all junior secondary ... and many senior secondary ... schools are staffed almost entirely by Africans ... (Horrell 1968:61).

Dit was voorts volgens mnr. Sneesby ook dikwels die geval dat die helfte van die onderwysers in sekondêre skole Afrikaanssprekend was. 'n Bose kringloop het so ontstaan. Die leerders in die sekondêre skole se geleentheid om Engels korrek en vlot as kommunikasiemedium aan te leer, het verminder. Die onderwysers se foute is aan die leerders oorgedra, wat indien hulle onderwysers word, weer aan hulle leerders oorgedra word. Mnr. K.B. Hartshorne, 'n senior departementele amptenaar het in Julie 1966 op 'n konferensie van die Engelse Akademie daarop gewys dat Engels in die Swart skole, volkome in die hande van nie-Engelse moedertaal sprekers was. As gevolg hiervan het patrone van "Swart Engels" – afwykende nie-standaard Engels ontwikkel (Horrell 1968:62).

Namate die ander Tuislande vanaf 1967 meer wetgewende gesag gekry het, het hulle al hoe meer die patroon van die Transkei begin volg. In Zululand het moedertaalonderrig tot ongeveer standerd vier plaasgevind en daarna was alle onderrig in Engels (Hartshorne 1987:94). Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe Onderwys wat in 1968 uitgereik is, kon die 50-50 beleid nie ten volle in die skole geïmplementeer word nie. Die rede hiervoor was die gebrek aan onderwysers wat ten volle vaardig in beide amptelike tale was. Volgens die verslag, is die 50-50 beleid slegs in ongeveer 26% van alle sekondêre skole uitgevoer (Msomi 1978:160). In Maart 1971 het die Bantoe Onderwys Adviesraad besluit om ondersoek in te stel oor die aangeleentheid van taal as medium van onderrig. Van die bevindings wat in Junie 1972 ter tafel gelê is, was die volgende:

- i) Moedertaalonderrig word aanbeveel tot en met standerd vier.
- ii) Vanaf standerd vyf en hoër moet die medium van onderrig òf Engels òf Afrikaans wees.
- iii) 'n Afrikataal kan, indien verkies word, vir godsdiensonderrig gebruik word.
- iv) Gelyke behandeling van die twee amptelike tale kan verkry word deur Engels en Afrikaans as vakke aan alle leerders te onderrig.
- v) Tweetalige opleiding vir alle onderwysers.
- vi) 'n Verhoogde tydstoewysing aan die taal wat nie as die medium van onderrig voorgeskryf is nie.
- vii) Om die gelyke behandeling van die twee amptelike tale te probeer verwesenlik, deur die tale as gelyke onderrigsmiddele aan te wend, is ten sterkste as onopvoedkundig verwerp (Hartshorne 1987:93).

In Mei 1971 het die Minister goedkeuring verleen dat moedertaalonderrig nou beperk word tot die nuwe laerskoolstadium, met ander woorde tot en met standerd vier. Moedertaalonderrig sou nou vir ses jaar in plaas van agt jaar plaasvind. Die beleid van dubbelmedium onderrig het onveranderd gebly. In September 1972 is ministeriële goedkeuring verleen dat die volgende drie alternatiewe vanaf standerd vyf en hoër geld:

- i) Engels mag deurgaans as voertaal gebruik word.
- ii) Afrikaans mag deurgaans as voertaal gebruik word.
- iii) Afrikaans en Engels mag soos in die bestaande wetgewing, op 'n 50-50 basis gebruik word.

In Januarie 1973 is 'n omsendbrief (no. 2/1973) deur die Departement uitgestuur waarin aanbevelings gevra is oor die implementering van bogenoemde beleidsalternatiewe. In hierdie omsendbrief is daar beklemtoon dat dit in die belang van die leerders is om net een taal as medium van onderrig te gebruik. Die hoofkriterium moet die dominante taal in daardie gebied wees. Die Streekdirekteur het 'n 50-50 beleid vir die hele Transvaal, Vrystaat en die Kaapprovinsie (met die uitsondering van die Port-Elizabeth en Oos-Londen Kringe) aanbeveel. Die beleid om die 50-50 beleid te handhaaf, was duidelik om die posisie van Afrikaans te beskerm (Hartshorne 1987:95).

Teen 1974 het al die tuislande (met die uitsondering van een), die gebruik van een taal, as onderrigmedium vanaf standerd drie aanvaar. Al die Tuislande (met die uitsondering van Venda), het ook gestipuleer dat Engels die medium van onderrig moes wees. Op 6 Maart 1974 het samesprekings tussen die Eerste Minister, ander ministers en die tuislandleiers plaasgevind. Die tuislandowerhede was van mening dat aangesien Swart leerders in Blanke gebiede deur die Regering as burgers van 'n tuisland beskou word, hierdie leerders derhalwe geregtig was om dieselfde taalbeleid as dié van die tuislande, te volg. Die tuislandleiers het voorgestel dat die voertaal, naamlik Engels, wat in die tuislande gebruik word, ook in Swart skole in Blanke gebiede gebruik word. Ten spyte van hierdie versoeke, het die beleid onveranderd gebly (Msomi 1978:160). Waar daar vroeër buigsaamheid was in die toepassing van die 50-50 beleid in die res van die Swart skole, het daar vanaf Augustus 1974 veral in die Transvaal, streng voorskrifte begin geld. In hierdie provinsie het die Streekdirekteure bepaal dat sosiale studies en wiskunde in Afrikaans onderrig moes word. Engels moes vir wetenskap en “praktiese” vakke gebruik word. Geen inisiatief is aan die skole oorgelaat om vir die taalsterkte of taalswakhede van die vakonderwysers voorsiening te maak nie.

In 1975 het die eerste leerders die openbare primêre skooleksamen aan die einde van standerd vyf geskryf. Die leerders moes die eksamen in Engels en Afrikaans skryf, na slegs een jaar se ondervinding van die dubbelmedium benadering. Hierdie beleid, wat in die middel veertigerjare vir Blanke skole verwerp is, is nou op Swart skole afgedwing. Die leerders wat hierdie eksamen moes aflê, is in die voorhoede van die taalstryd vasgevang. Versoeke deur skoolhoofde, skoolrade en ander belanghebbende groepe dat 'n meer gematigde benadering gevolg moes word, is deur die regering verwerp. Die Meadowlands Tswana Skoolraad het aan die begin van 1976 'n eenparige besluit geneem, dat slegs Engels vanaf standerd drie as medium van onderrig gebruik moes word. Twee van die lede van die Skoolraad is ontslaan. Die res van die Raad het uit simpatie en protes bedank (Hartshorne 1987:94-96).

Op 16 Junie 1976 het 'n konfrontasie tussen 'n goed georganiseerde protesoptog en die polisie plaasgevind. Die geweld en onrus het dwarsdeur Suid-Afrika versprei. Regter P.M. Cillié, is aangestel om die oorsake van die onrus te ondersoek. Die kommissie het bevind dat die Swart gemeenskap, veral in Soweto, ontevrede was oor die standaard van die Swart onderwys, die geboue, toerusting en kwaliteit van onderrig. Die beswaar teen Afrikaans as medium van onderrig in party vakke, was ook een van die redes vir die opstand (Behr 1988:37).

Dr. Andries Treurnicht, die destydse Adjunkminister van Bantoe Onderwys se houding teenoor die situasie was onversetlik. Hy het die mening in die parlement uitgespreek dat die regering in die Blanke gebiede die geboue voorsien, die subsidies en salarisse betaal en daarom sekerlik die reg het om te bepaal wat die taalbeleid moet wees (Hartshorne 1987:97). Die geskiedenis bewys dat sodra taal met mag geassosieer word, daar 'n reaksie teen die taal plaasvind (Malherbe 1977:151). Hartshorne (1987:83) beweer in hierdie verband:

When linked to colour prejudice or class privilege, for example, language can become a highly emotional issue, capable of being mobilized as a powerful social instrument.

Na groot druk uit verskeie oorde het die regering toegegee. Skole was nou geregtig om vanaf standerd vyf, een taal as voertaal te gebruik. Skole het voorts ook die reg gehad om self te bepaal wat die voertaal moes wees. Amptelike statistiek toon dat 96% van die leerders in 1978 deur medium van Engels onderrig is. Daar het egter nog steeds ontevredeheid geheers oor die stadium wanneer Engels as medium van onderrig ingevoer moes word (Hartshorne 1987:97).

Die Wet op Onderwys en Opleiding (no. 90 van 1979), het op 1 Januarie 1980 in werking getree. Hierdie wet het sewe hoofbeginsels neergelê wat as raamwerk gedien het, waarbinne die skole moes funksioneer. Hierdie wet het onder andere bepaal dat moedertaalonderrig van toepassing sou wees tot en met ten minste standerd twee. Die ouers se wense sou ook in aanmerking geneem word in die toepassing van die beginsel van moedertaalonderrig, asook in die keuse van een van die amptelike tale, waar die moedertaal nie na standerd twee gebruik kan word nie. Die doel van hierdie wetgewing was om die *status quo* deur regulasies te handhaaf. Drie jaar later is regulasies uitgereik wat die gebruik van Engels gemagtig het. Vanaf standerd drie en hoër, is Swart onderwys nou 'n Engelsmedium stelsel. 'n Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het in 1981 daarop gewys dat die Swart leerders nooit ten volle sal baat by 'n effektiewe Engelsmedium stelsel, solank as wat 'n aparte, gesegmenteerde rasse onderwysstelsel in werking is nie (Hartshorne 1987:98-101).

3.10 Onderweg na 'n nuwe bedeling

Die De Lange verslag van 1981 verskaf 'n redelik omvattende oorsig oor die onderwystoestande in Suid-Afrika en bevat talle vernuwende aanbevelings. Elf beginsels moes as riglyne dien vir werkskomitees. Die tweede onderwysbeginsel in die verslag berus op die diversiteit van taal en kultuurgroepe in Suid-Afrika. In 1982 het die regering 'n Witskrif gepubliseer, waarin die reaksies op die De Lange verslag gepubliseer is. Die regering het sy standpunt gehandhaaf dat die beginsel van 'n Christelike en breë nasionale karakter van die onderwys gehandhaaf moes word, ten opsigte van die Blanke bevolking. Die beginsel van moedertaalonderrig is as pedagogies gegrond beskou. Die regering het egter begrip uitgespreek dat die taalmedium probleme kan skep vir sekere bevolkingsgroepe. Volgens die dokument was die vryheid van keuse vir die individu en vir die ouers in opvoedkundige aangeleenthede aanvaarbaar, binne die raamwerk van aparte skole vir elke bevolkingsgroep. Die regering was nie ten gunste van 'n enkele nasionale onderwysdepartement nie (Behr 1988:58). Daar het volgens Senekal (1993:93-95) nie veel tereg gekom van die De Lange Kommissie se aanbevelings op die gebied van taal en onderwys nie. Afrika-taalrade is wel ingestel met die doel om moedertaal- onderwys in die geval van Swart skole, in die eerste jare van die laerskool te laat slaag. Die reg van elke taalgemeenskap om sy taal te kies en te ontwikkel, is geïgnoreer.

Wet no. 70 van 1988 (Wet op Onderwysaangeleenthede), wat op 21 Junie 1988 goedgekeur is, het op 1 April 1990 in werking getree. Die volgende bepalings ten opsigte van moedertaal het gegeld (Artikel 55):

- 1) Wanneer 'n kind vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word, stel die skoolhoof van die skool vas watter amptelike taal die kind die beste ken, en bepaal dan dat daardie taal die moedertaal van die kind is.
- 2) Indien die kind na die oordeel van daardie skoolhoof ewe bekwaam in beide amptelike tale is, of geeneen van die amptelike tale kan praat of verstaan nie, kan die ouer van die kind binne die tydperk deur die skoolhoof bepaal, kies watter amptelike taal deur die skoolhoof as die moedertaal van die kind bepaal moet word.
- 3) Indien die ouer versuim om binne daardie tydperk so 'n keuse uit te oefen, moet daardie skoolhoof bepaal watter amptelike taal die moedertaal van die kind is.
- 4) Indien die skoolhoof nie in staat is om die moedertaal van 'n kind ingevolge hierdie artikel te bepaal nie, verwys hy die geval na 'n persoon deur die Onderwyshoof aangewys, hetsy in die algemeen of vir 'n besondere geval, wat dan na 'n ondersoek na die taalbekwaamheid van die kind, bepaal watter amptelike taal die moedertaal van die kind is.
- 5) 'n Persoon deur die Onderwyshoof kragtens subartikel (4) aangewys, kan te eniger tyd na 'n ondersoek na die taalbekwaamheid van 'n kind 'n bepaling wat deur 'n skoolhoof ingevolge hierdie artikel gedoen is, intrek en bepaal dat die ander amptelike taal die moedertaal van die kind is.
- 6) Indien die skoolhoof van 'n skool of persoon deur die Onderwyshoof kragtens subartikel (4) aangewys die moedertaal van 'n kind ingevolge hierdie artikel bepaal het, moet daardie skoolhoof of persoon, na gelang van die geval, die betrokke ouer skriftelik van so 'n bepaling verwittig.

Artikel 56 bepaal die ouer se reg op appèl, indien die ouer verontreg voel deur 'n bepaling van die moedertaal van die kind ingevolge artikel 55. Artikel 57 handel oor voertaal in skole en bepaal:

- 1) Die amptelike taal wat ingevolge artikels 55 en 56 as die moedertaal van 'n kind bepaal is, is –
 - a) in die geval van 'n gestremde kind die voertaal vir die kind in die skool totdat hy die skool verlaat; en
 - b) in die geval van enige ander kind, die voertaal vir die kind in die skool tot en met die negende vlak:

Met dien verstande dat tot tyd en wyl die moedertaal van 'n kind ingevolge artikels 55 en 56 bepaal is, die amptelike taal wat deur die ouer van die kind gekies is of by ontstentenis van so 'n keuse deur die skoolhoof aangewys is, die voertaal vir die kind is.

- 2) Ten opsigte van die tiende, elfde en twaalfde vlakke in 'n skool kan die ouer

van die kind in subartikel (1)(b) kies watter amptelike taal die voertaal vir sy kind moet wees; Met dien verstande dat indien die ouer versuim om sodanige keuse uit te oefen, die voertaal vir sodanige kind dieselfde bly as wat dit op die negende vlak was.

Artikel 59 bepaal watter amptelike tale vakke in skole moet wees. Die bepalings lui soos volg:

- 1) Op elke vlak word die amptelike taal wat ingevolge artikels 55 en 56 as die moedertaal van 'n kind bepaal is, vir hom as vak in die skool aangebied.
- 2) Vanaf die vlak wat die Onderwyshoof op opvoedkundige gronde bepaal, word die amptelike taal wat nie die sodanige moedertaal van die kind is nie vir hom as vak in die skool aangebied.
- 3) By die onderrig van die amptelike taal in subartikel (2) bedoel, is daardie taal sover doenlik die voertaal.

Die Nasionale Party onder leiding van F.W. de Klerk en die ANC het in Mei 1990 met onderhandelings begin. Hierdie onderhandelings het ook die skoolsituasie begin beïnvloed. 'n Verslag van die National Education Policy (NEPI), is in 1992 uitgebring. Volgens hierdie verslag het die Nasionale Party en die ANC saamgestem dat die veeltaligheid van die land erken moet word en dat daar wegbeweeg moet word van die misleidende amptelike fokus op Afrikaans-Engelse tweetaligheid. Die CMSA-dokument het nie bepaal dat die medium van onderrig die moedertaal moet wees nie. Die Nasionale Regering het sedert die verslag sy standpunt gewysig. In die veertiger- en vyftigerjare wou die Regering Engels met Afrikaans vervang, maar volgens NEPI (1992:35), "... it no longer disputes the status of English as a national official language, and its role as the major language of international access". Die regeringsdokument *A Curriculum Model for Education in South Africa* (CMSA) bepaal dat alle leerders 'n Afrikataal vir 'n minimum van drie jaar moet neem. Die CMSA-dokument wat deur die Komitee van Onderwyshoofde aanvaar is, lui soos volg:

Grade 1	one language (on the Ordinary Level) compulsory; a second language (on Basic Level) optional.
Grades 2-4	two languages (on the Ordinary Level) compulsory, one of which should be the mother tongue/medium of instruction.
Grades 5-7	three languages compulsory, namely English, Afrikaans and the regionally dominant African language; the first two on the Ordinary Level, the third on the Basic Level.
Grades 8-9	two languages (on the Ordinary Level) compulsory; the third language (on the Ordinary Level) or a foreign language (on a Foreign Language Level) optional.

- Grades 10-11 two languages (on the Ordinary/Advanced Level) compulsory; with a third Language (on the Ordinary Level) or a foreign language (on a Foreign Language Level) optional.
- Grade 12 one language compulsory; second/third/foreign language package on the Ordinary /Advanced Level; foreign language on a foreign Language Level.

Level/graad word soos volg omskryf:

- Basic Level: intended for learners who lack competence in the particular language. The acquisition of oral communication is emphasized.
- Ordinary Level: intended for learners with adequate language ability / those who use the particular language as medium of instruction. Emphasis is placed on more complex language structures and on a appreciation for the language, culture it represents and its literature.
- Advanced Level: intended for learners who are proficient in the particular language/s; a sophisticated literature component is therefore included.

Op 27 April 1994 het die Oorgangsgrondwet van die Republiek van Suid-Afrika amptelik en wetlik in werking getree. Dit lui ook vir die onderwys 'n nuwe bedeling in en het sekere implikasies vir die bedryf van die skole. TOD-Omsendminuut 52 van 1994, wat aan alle skole gestuur is, het die implikasies van die nuwe Grondwet vir onderwysinrigtings uitgespel. Die Oorgangsgrondwet beskerm die reg op moedertaal-mediumonderwys waar dit redelikerwys uitvoerbaar is. 'n Skool het die reg op 'n eie voertaal, maar leerlinge wat bereid is om in daardie taal onderrig te word, mag nie die skool geweier word nie. Die volgende bepalings van die Grondwet het op hierdie aspek betrekking:

- 1) Elke persoon het die reg op onderrig in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is [Artikel 32(b)].
- 2) Elke persoon het die reg om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings op gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring [Artikel 32(c)].
- 3) Daar mag nie teen iemand op grond van sy taal gediskrimineer word nie [Artikel 8(2)].
- 4) Elke persoon het die reg om die taal van sy of haar keuse te gebruik waar prakties doenlik en om aan die kulturele lewe van sy/haar keuse deel te neem (Artikel 31).

Dit sou vir skole moontlik wees om 'n tweede taalmedium in te voer om meer leerlinge tot die skool toe te laat en onbenutte akkommodasie beter te benut. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (no.27 van 1996) is op 16 April 1996 goedgekeur, en het op 24 April 1996 in werking getree. Hierdie wet maak voorsiening vir die bepaling van nasionale beleid vir die

onderwys. Die aanhef van die Wet lui: - NADEMAAL dit nodig is om wetgewing aan te neem om die demokratiese omskepping van die nasionale onderwysstelsel in 'n stelsel wat in die behoeftes voorsien en die belange dien van al die mense van Suid-Afrika en hulle fundamentele regte handhaaf. Een van die 15 rigtinggewende beginsels van die nasionale onderwysbeleid lui dat elke leerder onderrig kan word in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is. Op 8 Mei 1996 is die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika aanvaar (Wet 108 van 1996). In die Grondwet word daar erkenning gegee aan elf amptelike tale naamlik Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu. Artikel 29 van die Grondwet handel oor die Onderwys en bepaal die volgende:

- 1) Elkeen het die reg-
 - a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en
 - b) op verder onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

- 2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming-
 - a) billikheid;
 - b) doenlikheid; en
 - c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat
 - d) op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

- 3) Elkeen het die reg om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring en in stand te hou wat-
 - a) nie op grond van ras diskrimineer nie;
 - b) by die staat geregistreer is; en
 - c) standarde handhaaf wat nie minderwaardig is vergeleke met standarde by vergelykbare openbare onderwysinstellings nie.

- 4) Subartikel (3) sluit nie staatsubsidies aan onafhanklike onderwysinstellings uit nie.

Op 6 November 1996 is die Suid-Afrika Skolewet (no. 84 van 1996) goedgekeur. Die datum van invoering was 1 Januarie 1997. Die doel van hierdie wet is onder andere om voorsiening te maak vir 'n eenvormige onderwysstelsel vir die organisasie, bestuur en finansiëring van skole. Volgens hierdie wet is die taalbeleid van openbare skole soos volg:

- 1) Behoudens die Grondwet en hierdie wet kan die Minister, na oorleg met die Raad van Onderwysministers, by wyse van kennisgewing in die Staatskoerant norme en standarde vir taalbeleid in openbare skole vasstel.

- 2) Die beheerliggaam van 'n openbare skool kan die taalbeleid van die skool bepaal, behoudens die Grondwet, hierdie wet en enige toepaslike provinsiale wet.
- 3) Geen vorm van rassediskriminasie mag in die uitvoering van beleid wat kragtens hierdie artikel bepaal is, plaasvind nie.
- 4) Erkende Gebaretaal het die status van 'n amptelike taal vir die doeleindes van onderrig in 'n openbare skool.

3.11 Kurrikulum 2005

In Oktober 1997 is 'n beleidsdokument (Kurrikulum 2005) deur die Departement van Onderwys vrygestel. Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk waarom provinsies en skole hulle leerprogramme kan bou. Die dokument identifiseer belangrike komponente van onderwys vir Suid-Afrikaanse leerders. Die doel met Kurrikulum 2005 is om 'n eenvormige onderwysstelsel vir alle Suid-Afrikaanse leerlinge in te stel, wat hulle sal voorberei op die eise van die 21 ste eeu. Met die inwerkingstelling van Kurrikulum 2005, wou die Onderwysdepartement so vinnig moontlik probeer wegbeweeg van die apartheidsverlede. Volgens die dokument moet ten minste twee tale aangebied word. Die aspek van veeltaligheid word in hierdie dokument beklemtoon. Die beleidsdokument bepaal onder andere:

The advancement of multi-lingualism as a major resource affords learners the opportunity to develop and value: their home languages, cultures and literacies; other languages, cultures and literacies in our multi-lingual country and in international contexts; and a shared understanding of a common South African culture (Department of Education Policy Document 1997:23).

Hierdie beleid is volgens Minister Sibusiso Bengu ooreenkomstig met die feit dat beide gemeenskaps- en individuele veeltaligheid deesdae 'n universele norm is, veral in Afrika. 'n Belangrike kenmerk van hierdie beleid, is 'n verbintenis tot 'n toegevoegde tweetaligheidsbenadering as die verlangde norm in alle Suid-Afrikaanse skole. Hierdie beleid impliseer die volgende:

- i) 'n Verbintenis tot moedertaalonderrig, onder die mees gunstige toestande.
- ii) Parallelmedium skole in die meeste gevalle, vir ekonomiese- sowel as politieke- en kulturele redes.
- iii) Dubbelmedium skole as die ideaal, veral vir die volgende twee of drie geslagte. (Totdat die Afrikatale op gelyke vlak kan meeding met Engels en Afrikaans in hoë status funksies in die ekonomie en in die samelewing.)

- iv) Enkelmedium opvoedkundige instansies wat òf gedeeltelik òf ten volle deur die staat gesubsidieer word, sal in die toekoms die uitsondering en nie die reël in Suid-Afrika wees nie.

Die Minister het met hierdie standpunt die nuwe onderwysmedium-beleid in lyn gebring met die denkrigtings van die post-koloniale Afrika intelligentsia, soos vervat in die OEA resolusie van Julie 1986, genaamd die *Language Plan of Action for Africa* (Alexander 1999:8).

'n Komitee van ondersoek het verslag gedoen dat onderwysers oor die hele land, veral in agtergeblewe gemeenskappe, probleme ondervind om Kurrikulum 2005 toe te pas. Ten spyte van besware, is die oorgrote meerderheid van die maatreëls wat deur die hersieningskomitee van Kurrikulum 2005 voorgestel is, vir die herskikking van die regering se program, deur die raad van onderwysministers aanvaar. Die raad het sy steun toegesê vir die voorstel dat tale en wiskunde in die grondleggingsfase met onmiddellike ingang, minstens 70% van die klastyd in beslag moet neem (Beeld 20 Junie 2000).

Mnr. Kader Asmal, Minister van Onderwys het op 7 Mei 2001 op 'n nuuskonferensie bekend gemaak, dat die beleid wat veeltaligheid moet bevorder, nie geslaag het nie. Volgens Asmal, het moedertaalonderrig hoofsaaklik vir Afrikaans- en Engelssprekendes gewerk, maar nie vir die ander amptelike taalgroepe in die land nie (Beeld 8 Mei 2001). Op 24 Mei 2001, het Asmal bekend gemaak dat moedertaalonderrig vir die eerste vier jaar van onderrig in skole toegepas en verpligtend gemaak sal word. "Inkrementele tweetaligheid" sal daarna teweeg gebring word (Beeld 25 Mei 2001).

Dit blyk dat die gebrek aan politieke wilskrag onder die leierskap van die land, ongetwyfeld een van die grootste struikelblokke in die implementering van 'n suksesvolle beleid van veeltaligheid, veeltalige onderwys en selfs van die modernisering van die Afrikatale op 'n makro-linguistiese beplanningsvlak is. Volgens prof. Neville Alexander, Direkteur van die Sentrum vir Alternatiewe Onderrig aan die Universiteit van Kaapstad, sal Suid-Afrika binnekort soos sy buurstate in die verdoemde 30-jaarsiklus verval, as daar te lank gewag word om moedertaalonderrig toe te pas (Beeld 23 Mei 2001).

3.12 Samevatting

In Suid-Afrika vorm die historiese onderwys- en taalerfenis ongetwyfeld die kern van die huidige taal- en onderwysproblematiek. Koloniale onderwys, sowel as post-koloniale onderwys tot 1994, is gekenmerk deur ondeurdagte, selfgesentreerde taalbeleidsbepalings van die regering van die dag. Taalbeleide is deur elite groepies afgedwing, sonder die inagneming van die behoeftes van die massas. Weens Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis assosieer Swartmense moedertaalonderrig met minderwaardigheid, diskriminasie en indoktrinasie. Engels word beskou as die taal van eenheid en bevryding.

In 1997 is 'n beleidsdokument (Kurrikulum 2005) deur die Departement van Onderwys vrygestel. Die doel van hierdie dokument is om 'n eenvormige onderwysstelsel vir alle Suid-Afrikaners daar te stel. 'n Belangrike kenmerk van hierdie beleid, is die verbintenis tot 'n toegevoegde tweetaligheidsbenadering as die norm in alle Suid-Afrikaanse skole. Hierdie beleid sluit 'n verbintenis tot moedertaalonderrig in die mees gunstige toestande in. Groot probleme word egter in veral voorheen benadeelde gemeenskappe ondervind om die beleid toe te pas. Suid-Afrika se treurige taalgeskiedenis is duidelik besig om homself te herhaal. Hoe minder kinders aan hul moedertaal blootgestel word, hoe swakker sal hulle op skool vaar. Talle leerders se vermoë om Engels aan te leer, word weens verskeie redes terselfdertyd ook beduidend gestrem. Daar bestaan geen twyfel nie, dat as die taalbrandpunt in die beplanning van die land se onderwysbeleid nie genoeg daadwerklike aandag kry nie, die onderwys gedoem is.

